RES- 20 A 1

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE DRINKPATROON VAN DIE KLEURLINGE IN TRANSVAAL EN DIE ORANJE-VRYSTAAT

deur

J. D. Venter

en

D. S. Goosen

NAVORSINGSREEKS Nr. 20

001.3072068 RES 20 NBSR

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

Klasnr./Class No. | Registernr./No.
001.3072068 NBSR
RES 20
36395/2

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Department of Education, Arts and Science.
BIBLIOTEEK/LIBRARY.
Klas no. / Class No. S.A. Dept. O.K.W. Nas. buro - - -
Aanwins no. / Accession No. Drinkpatroon - - 1966

G.P.S.

0000510727

2844363866

/ /

36395

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

# DIE DRINKPATROON VAN DIE KLEURLINGE IN TRANSVAAL EN DIE ORANJE-VRYSTAAT

deur

J.D. Venter, D. Phil

en

D.S. Goosen, D. Phil

1966

TOEKENNINGS VAN DIE NASIONALE RAAD VIR SOSIALE NAVORSING VIR DIE ONKOSTE VAN HIERDIE OPNAME EN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VERSLAG WORD MET DANK ERKEN

DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG MAG VRYELIK AANGEHAAL WORD, MITS DIE BRON ERKEN WORD

301.3072068 NBSR RES 20

*051072*

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1978 -1- 1?
STANDKODE | REGISTERNOMMER
001.3072068 NBSR Res 20
36395
2
O|V

# VOORWOORD

Hierdie verslag is deel vier van 'n reeks waarin die drinkpatroon van verskillende bevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika beskryf word.

Die resultate van die opname onder die Kleurlingbevolking word, as gevolg van verskil in wetgewing in die verskillende provinsies ten tye van die ondersoek, in twee dele behandel. In die onderhawige verslag word die gegewens ten opsigte van die drinkpatroon van die Kleurlingbevolking van Transvaal en die Oranje-Vrystaat aangebied. Die drinkpatroon van die Kleurlingbevolking van Kaapland en Natal is in Navorsingsreeks Nr. 19 in oënskou geneem.

Soos in die vorige ondersoeke van hierdie reeks, het die klem hier ook nie op die patologiese aspekte van drankgebruik geval nie, omdat die uitgangspunt hier is dat 'n deeglike kennis van die drinkpatroon van veel groter waarde is in die ontwikkeling van gesonde drinkgewoontes as die voortdurende beklemtoning van die afwykingsverskynsels wat uit die gebruik van alkoholiese drank mag voortvloei.

Graag betuig ek my dank en waardering aan almal wat 'n bydrae tot die suksesvolle voltooiing van hierdie ondersoek gelewer het. 'n Spesiale woord van dank gaan aan die Buro-amptenare wat by die ondersoek betrokke was sowel as aan die lede van die adviserende ad hoc-komitee, naamlik dr. J.A. Grobler, prof. F.W. Blignaut en prof. G. Cronjé, vir hulle gewaardeerde advies.

P.M. ROBBERTSE
DIREKTEUR

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

INHOUDSOPGAWE


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Die doel van die ondersoek | 1 |
| 1.2 | Die metode van ondersoek | 1 |
| 1.2.1 | Die ondersoekgroep | 1 |
| 1.2.2 | Die opname | 4 |
| 1.3 | Begripsbepaling | 4 |
| 1.4 | Indeling van die verslag | 6 |
| 2. | DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF | 7 |
| 2.1 | Inleiding | 7 |
| 2.2 | Geslagsverdeling | 7 |
| 2.3 | Ouderdomsverspreiding | 7 |
| 2.4 | Huistaal | 8 |
| 2.5 | Huwelikstaat | 9 |
| 2.6 | Woonplek | 9 |
| 2.7 | Onderwyspeil | 10 |
| 2.8 | Beroep | 10 |
| 2.9 | Inkomste | 11 |
| 2.10 | Kerkverband | 11 |
| 2.11 | Geletterdheid | 12 |
| 2.12 | Samevatting | 12 |
| 3. | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK | 13 |
| 3.1 | Inleiding | 13 |
| 3.2 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens geslag | 13 |
| 3.3 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens ouderdom | 13 |
| 3.4 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens huistaal | 14 |
| 3.5 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens huwelikstaat | 14 |
| 3.6 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens woonplek | 15 |
| 3.7 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens onderwyspeil | 15 |
| 3.8 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens geletterdheid | 16 |
| 3.9 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens beroep | 16 |
| 3.10 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens inkomste | 17 |
| 3.11 | Geheelonthouers en gebruikers van drank volgens kerkverband | 17 |
| 3.12 | Samevatting | 19 |

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4. | MOTIVERING VIR ONTHOUDING VAN DRANK | 20 |
| 4.1 | Inleiding | 20 |
| 4.2 | Motivering vir onthouding volgens geslag | 20 |
| 4.3 | Motivering vir onthouding volgens ouderdom | 20 |
| 4.4 | Motivering vir onthouding volgens huistaal | 22 |
| 4.5 | Motivering vir onthouding volgens woonplek | 22 |
| 4.6 | Samevatting | 23 |
| 5. | DIE DRINKMOTIEF | 24 |
| 5.1 | Inleiding | 24 |
| 5.2 | Die drinkmotief volgens geslag | 24 |
| 5.3 | Die drinkmotief volgens ouderdom | 25 |
| 5.4 | Die drinkmotief volgens huistaal | 26 |
| 5.5 | Die drinkmotief volgens huwelikstaat | 26 |
| 5.6 | Die drinkmotief volgens woonplek | 27 |
| 5.7 | Die drinkmotief volgens onderwyspeil | 27 |
| 5.8 | Die drinkmotief volgens beroep | 28 |
| 5.9 | Die drinkmotief volgens weeklikse inkomste | 30 |
| 5.10 | Die drinkmotief volgens die geldwaarde van die drank wat die proefpersoon self per week gebruik | 30 |
| 5.11 | Die drinkmotief volgens die getal drankies wat die proefpersoon die afgelope sewe dae gebruik het | 31 |
| 5.12 | Die drinkmotief volgens geletterdheid | 32 |
| 5.13 | Samevatting | 32 |
| 6. | DRANKVOORKEUR | 34 |
| 6.1 | Inleiding | 34 |
| 6.2 | Drankvoorkeur volgens geslag | 34 |
| 6.3 | Drankvoorkeur volgens ouderdom | 34 |
| 6.4 | Drankvoorkeur volgens huistaal | 36 |
| 6.5 | Drankvoorkeur volgens woonplek | 36 |
| 6.6 | Drankvoorkeur volgens onderwyspeil | 37 |
| 6.7 | Drankvoorkeur volgens die aantal jare op skool | 37 |
| 6.8 | Drankvoorkeur volgens geletterdheid | 38 |
| 6.9 | Drankvoorkeur volgens beroep | 39 |
| 6.10 | Drankvoorkeur volgens inkomste | 39 |
| 6.11 | Samevatting | 40 |

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 7. | DIE DRINKFREKWENSIE | 42 |
| 7.1 | Inleiding | 42 |
| 7.2 | Drinkfrekwensie volgens geslag | 42 |
| 7.3 | Drinkfrekwensie volgens ouderdom | 42 |
| 7.4 | Drinkfrekwensie volgens huistaal | 43 |
| 7.5 | Drinkfrekwensie volgens huwelikstaat | 43 |
| 7.6 | Drinkfrekwensie volgens woonplek | 43 |
| 7.7 | Drinkfrekwensie volgens onderwyspeil | 44 |
| 7.8 | Drinkfrekwensie volgens beroep | 44 |
| 7.9 | Drinkfrekwensie volgens inkomste | 45 |
| 7.10 | Drinkfrekwensie volgens drankvoorkeur | 45 |
| 7.11 | Drinkfrekwensie volgens die geldwaarde van die drank wat die proefpersoon self gebruik het | 46 |
| 7.12 | Drinkfrekwensie volgens die huishoudelike uitgawe aan drank | 46 |
| 7.13 | Samevatting | 47 |
| 8. | DIE PLEK WAAR BLANKEDRANK GEWOONLIK GENUTTIG WORD | 48 |
| 8.1 | Inleiding | 48 |
| 8.2 | Die drinkplek volgens geslag | 48 |
| 8.3 | Die drinkplek volgens ouderdom | 48 |
| 8.4 | Die drinkplek volgens huistaal | 49 |
| 8.5 | Die drinkplek volgens huwelikstaat | 49 |
| 8.6 | Die drinkplek volgens woonplek | 50 |
| 8.7 | Die drinkplek volgens onderwyspeil | 50 |
| 8.8 | Die drinkplek volgens beroep | 50 |
| 8.9 | Die drinkplek volgens inkomste | 51 |
| 8.10 | Die drinkplek volgens drinkmotief | 51 |
| 8.11 | Die drinkplek volgens die geldwaarde van die drank wat die proefpersoon self per week gebruik | 52 |
| 8.12 | Samevatting | 52 |
| 9. | DIE HOEVEELHEID DRANK GENUTTIG GEDURENDE DIE SEWE DAE WAT DIE ONDERSOEK VOORAFGEGAAN HET | 54 |
| 9.1 | Inleiding | 54 |
| 9.2 | Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens geslag | 54 |
| 9.3 | Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens ouderdom | 55 |
| 9.4 | Die getal drankies gedurende. dié sewe dae genuttig volgens huistaal | 55 |

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 9.5 | Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens woonplek | 56 |
| 9.6 | Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens onderwyspeil | 56 |
| 9.7 | Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens beroep | 57 |
| 9.8 | Samevatting | 57 |
| 10. | DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK | 59 |
| 10.1 | Inleiding | 59 |
| 10.2 | Die weeklikse uitgawe aan drank volgens huistaal | 59 |
| 10.3 | Die weeklikse uitgawe aan drank volgens huwelikstaat | 59 |
| 10.4 | Die weeklikse uitgawe aan drank volgens woonplek | 60 |
| 10.5 | Die weeklikse uitgawe aan drank volgens onderwyspeil | 60 |
| 10.6 | Die weeklikse uitgawe aan drank volgens beroep | 61 |
| 10.7 | Die weeklikse uitgawe aan drank volgens inkomste | 62 |
| 10.8 | Die weeklikse uitgawe aan drank volgens die weeklikse huishoudelike uitgawe aan voedsel | 62 |
| 10.9 | Samevatting | 63 |
| 11. | HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN DRANK EN DIE MOTIEWE VIR HIERDIE HOUDING | 64 |
| 11.1 | Inleiding | 64 |
| 11.2 | Houding ten opsigte van die vrystelling van drank | 64 |
| 11.2.1 | Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens geslag | 64 |
| 11.2.2 | Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens ouderdom | 64 |
| 11.2.3 | Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens huwelikstaat | 65 |
| 11.2.4 | Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens kerkverband | 65 |
| 11.2.5 | Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens woonplek | 67 |
| 11.2.6 | Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens beroep | 67 |
| 11.3 | Motiewe vir houding ten opsigte van die vrystelling van drank | 68 |
| 11.3.1 | Motiewe van proefpersone ten gunste van die vrystelling van drank | 68 |
| 11.3.2 | Motiewe van proefpersone ten gunste van die vrystelling van drank volgens geslag | 68 |
| 11.3.3 | Motiewe van proefpersone teen die vrystelling van drank volgens geslag | 68 |

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 11.4 | Samevatting | 69 |
| 12. | SAMEVATTING | 71 |
| 12.1 | Algemeen | 71 |
| 12.2 | Geslag | 71 |
| 12.3 | Ouderdom | 71 |
| 12.4 | Huistaal | 71 |
| 12.5 | Huwelikstaat | 72 |
| 12.6 | Woonplek | 72 |
| 12.7 | Onderwyspeil | 72 |
| 12.8 | Beroep | 73 |
| 12.9 | Inkomste | 73 |
| 12.10 | Kerkverband | 73 |
| | BYLAAG | 74 |
| | LITERATUURLYS | 87 |

TABELLE


| NR. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | DIE GETAL KLEURLINGE EN PROEFPERSONE IN TRANSVAAL | 2 |
| 1.2 | GETAL KLEURLINGE EN PROEFPERSONE PER GEKOSE LAND-DROSDISTRIK | 3 |
| 2.1 | DIE GESLAGSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 7 |
| 2.2 | DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 8 |
| 2.3 | DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 8 |
| 2.4 | DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 9 |
| 2.5 | DIE WOONPLEK VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 9 |
| 2.6 | DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 10 |
| 2.7 | DIE BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 10 |
| 2.8 | DIE INKOMSTEVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 11 |
| 2.9 | DIE KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 11 |
| 2.10 | DIE GELETTERDHEID VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 12 |
| 3.1 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS GESLAG | 13 |
| 3.2 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS OUDERDOM | 13 |
| 3.3 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS HUISTAAL | 14 |
| 3.4 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT | 15 |
| 3.5 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS WOONPLEK | 15 |
| 3.6 | GEHEELTONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL | 16 |
| 3.7 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS GELETTERDHEID | 16 |
| 3.8 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS BEROEP | 17 |
| 3.9 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS INKOMSTE | 17 |
| 3.10 | GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS KERKVERBAND | 18 |
| 4.1 | MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS GESLAG | 20 |
| 4.2 | MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS OUDERDOM | 21 |
| 4.3 | MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS HUISTAAL | 22 |
| 4.4 | MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS WOONPLEK | 22 |
| 5.1 | DRINKMOTIEF VOLGENS GESLAG | 25 |
| 5.2 | DRINKMOTIEF VOLGENS OUDERDOM | 25 |

| NR. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 5.3 | DRINKMOTIEF VOLGENS HUISTAAL | 26 |
| 5.4 | DRINKMOTIEF VOLGENS HUWELIKSTAAT | 26 |
| 5.5 | DRINKMOTIEF VOLGENS WOONPLEK | 27 |
| 5.6 | DRINKMOTIEF VOLGENS ONDERWYSPEIL | 28 |
| 5.7 | DRINKMOTIEF VOLGENS BEROEP | 29 |
| 5.8 | DRINKMOTIEF VOLGENS INKOMSTE | 30 |
| 5.9 | DRINKMOTIEF VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF GEBRUIK HET | 31 |
| 5.10 | DRINKMOTIEF VOLGENS DIE GETAL DRANKIES WAT DIE AFGELOPE SEWE DAE GEBRUIK IS | 31 |
| 5.11 | DRINKMOTIEF VOLGENS GELETTERDHEID | 32 |
| 6.1 | DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG | 34 |
| 6.2 | DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM | 35 |
| 6.3 | DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL | 36 |
| 6.4 | DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK | 36 |
| 6.5 | DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL | 37 |
| 6.6 | DRANKVOORKEUR VOLGENS DIE AANTAL JARE OP SKOOL | 38 |
| 6.7 | DRANKVOORKEUR VOLGENS GELETTERDHEID | 38 |
| 6.8 | DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEP | 39 |
| 6.9 | DRANKVOORKEUR VOLGENS INKOMSTE | 40 |
| 7.1 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS GESLAG | 42 |
| 7.2 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM | 42 |
| 7.3 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISTAAL | 43 |
| 7.4 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT | 43 |
| 7.5 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS WOONPLEK | 44 |
| 7.6 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL | 44 |
| 7.7 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP | 45 |
| 7.8 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS INKOMSTE | 45 |
| 7.9 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRANKVOORKEUR | 46 |
| 7.10 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF GEBRUIK HET | 46 |
| 7.11 | DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK | 47 |
| 8.1 | DRINKPLEK VOLGENS GESLAG | 48 |
| 8.2 | DRINKPLEK VOLGENS OUDERDOM | 48 |
| 8.3 | DRINKPLEK VOLGENS HUISTAAL | 49 |
| 8.4 | DRINKPLEK VOLGENS HUWELIKSTAAT | 49 |
| 8.5 | DRINKPLEK VOLGENS WOONPLEK | 50 |

| NR. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 8.6 | DRINKPLEK VOLGENS ONDERWYSPEIL | 50 |
| 8.7 | DRINKPLEK VOLGENS BEROEP | 51 |
| 8.8 | DRINKPLEK VOLGENS INKOMSTE | 51 |
| 8.9 | DRINKPLEK VOLGENS DRINKMOTIEF | 52 |
| 8.10 | DRINKPLEK VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF GEBRUIK HET | 52 |
| 9.1 | DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIè SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GESLAG | 54 |
| 9.2 | DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIè SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS OUDERDOM | 55 |
| 9.3 | DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIè SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS HUISTAAL | 55 |
| 9.4 | DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIè SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS WOONPLEK | 55 |
| 9.5 | DIE GETAL DRANKIES GEDURENDIE DIè SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS ONDERWYSPEIL | 56 |
| 9.6 | DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIè SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS BEROEP | 57 |
| 10.1 | WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS HUISTAAL | 59 |
| 10.2 | WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT | 59 |
| 10.3 | WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS WOONPLEK | 60 |
| 10.4 | WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL | 61 |
| 10.5 | WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS BEROEP | 61 |
| 10.6 | WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS INKOMSTE | 62 |
| 10.7 | WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS WEEKLIKSE UITGAWE AAN VOEDSEL | 62 |
| 11.1 | HOUDING VOLGENS GESLAG | 64 |
| 11.2 | HOUDING VOLGENS OUDERDOM | 65 |
| 11.3 | HOUDING VOLGENS HUWELIKSTAAT | 65 |
| 11.4 | HOUDING VOLGENS KERKVERBAND | 66 |
| 11.5 | HOUDING VOLGENS WOONPLEK | 67 |
| 11.6 | HOUDING VOLGENS BEROEP | 67 |
| 11.7 | MOTIEWE TEN GUNSTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS GESLAG | 68 |
| 11.8 | MOTIEWE TEEN DIE VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS GESLAG | 69 |

## HOOFSTUK I

## INLEIDING

### 1.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om die drinkpatroon van die Kleurlingbevolking van sowel Transvaal as van die Oranje-Vrystaat te ontleed. Hierdie ondersoek is geloods voordat die Drankwysigingswet (Wet nr. 72 van 1961) die Drankwet (Wet nr. 30 van 1928) vervang het. Aangeleenthede wat in hierdie ondersoek onder meer aandag geniet, is die volgende: Watter persentasie van die Kleurlingbevolking in genoemde provinsies gebruik alkoholiese drank? Hoeveel gebruik hulle? Watter soort alkoholiese drank geniet voorkeur? Hoe dikwels nuttig hulle drank? Wat is hulle uitgawe aan drank en waarom word dit gebruik? Verder word ook aandag geskenk aan die vraag of sosio-kulturele faktore soos onderwyspeil, inkomste, huistaal, beroep, huwelikstaat, ouderdom, woonplek, kerkverband, ensovoorts met sekere drinkpatrooneienskappe verband hou.

Die ondersoekers J.D. Venter (1)* en J.D. Miles (2) het reeds in soortgelyke ondersoeke navorsing gedoen ten opsigte van die drinkpatroon van onderskeidelik Blankes en Bantoes in die Republiek van Suid-Afrika. Die onderhawige ondersoek betrek die Kleurlingbevolking van slegs twee provinsies van die Republiek van Suid-Afrika, terwyl daar 'n afsonderlike ondersoek ingestel is na die drinkpatroon van die Kleurlingbevolking in die Kaapprovinsie en Natal (3). Dit was nodig om ten opsigte van die Kleurlingbevolkingsgroep so 'n indeling te maak aangesien die wetgewing in die onderskeie provinsies ten tye van die ondersoek nie in alle opsigte ooreengestem het nie.

### 1.2 DIE METODE VAN ONDERSOEK

#### 1.2.1 Die ondersoekgroep

Aangesien veldwerkers verskillende huisgesinne moes besoek om daar sekere gegewens in te samel, is van 'n steekproef gebruik gemaak. Elke persoon in die bevolkingsgroep moes 'n ewe groot kans hê om in die steekproef opgeneem te word.

Die ondervinding het geleer dat 'n steekproef van 1,500 proefpersone vir sodanige ondersoek goeie resultate lewer. Om die steekproefgrootte in 'n ondersoek soos hierdie waar 'n verskeidenheid van faktore met mekaar in verband gebring word te bepaal, is die ondersoeker grotendeels op die resultate van soortgelyke ondersoeke aangewese. Soos met die ondersoeke ten opsigte van die ander bevolkingsgroepe die geval was, is die grootte van die Kleurlingsteekproef ook op 1,500 vasgestel.

Die drankwetgewing het ten tye van die ondersoek aansienlik in die Kaapprovinsie en Natal van dié in Transvaal en die Oranje-Vrystaat verskil, veral sover dit die Kleurlingbevolking geraak het. Daarom is die ondersoek in twee dele verdeel.

By verdere ondersoek het geblyk dat indien die 1,500 proefpersone na verhouding verdeel moes word, net 140 proefpersone in Transvaal en die Oranje-Vrystaat betrek sou kon word. Hierdie getal is vir 'n aparte ondersoek te klein geag. As maatstaf is veronderstel dat in sommige frekwensieverdelings waarmee gewerk sou word, die standaardafwyking 15 sou wees. Indien 'n standaardfout van 0.75 toegelaat word, moes die steekproefgrootte 400 wees. Aangesien nie van 'n ewekansige steekproef gebruik gemaak sou word nie, maar van 'n bundelsteekproef is die steekproefgrootte vir Transvaal en die Oranje-Vrystaat op 500 gestel. Vir die Kaap-

* Die nommer tussen hakies dui die bronnommer in die literatuurlys aan.

provinsie en Natal is dit gevolglik op 1, 000 gestel, wat geregverdig kon word deur die feit dat die universum nie net soveel groter is nie, maar wat belangriker is, die feit dat die veel groter gebied waaroor die populasie versprei is, heel moontlik 'n groter verskeidenheid in die patroon kon teweegbring. In Transvaal en die Oranje-Vrystaat is die grootste deel van die Kleurlingbevolking in 'n baie kleiner gebied gekonsentreer.

Die eerste stap in die trek van die steekproef was om die provinsies volgens die ekonomiese streeksindeling van die Buro vir Marknavorsing in verskillende gebiede in te deel.

Die steekproefverdeling van Transvaal word in tabel 1.1 aangedui. Van die voorlopige resultate van die 1960-sensus is gebruik gemaak.

TABEL 1.1

DIE GETAL KLEURLINGE EN PROEFPERSONE IN TRANSVAAL

| Streek | Getal Kleurlinge | Getal proefpersone |
|---|---|---|
| Johannesburg .................. | 59, 368 | 220 |
| Witwatersrand ................. | 21, 061 | 80 |
| Pretoria ...................... | 7, 987 | 40 |
| Res van Transvaal ............ | 19, 891 | 60 |
| TOTAAL .............. | 108, 307 | 400 |

Nadat die Oranje-Vrystaat in drie streke verdeel is, naamlik 'n noordelike, 'n suidelike gedeelte en Bloemfontein (apart), is daar besluit om die landdrosdistrikte te kies waar die grootste konsentrasie Kleurlinge is, naamlik Kroonstad en Fauresmith, benewens Bloemfontein. Aangesien die steekproef vir die Oranje-Vrystaat net 100 sou wees, was dit prakties baie moeilik om op 'n ander wyse te werk te gaan. Daar is dus op die verteenwoordigende aard van hierdie steekproef 'n mate van beperking.

In tabel 1.2 word die landdrosdistrikte wat betrek is, aangedui. Daarby is 'n verdeling in stad en dorp aan die een kant, en platteland aan die ander kant, ingesluit.

TABEL 1.2

GETAL KLEURLINGE EN PROEFPERSONE PER GEKOSE LANDDROSDISTRIK

| Landdrosdistrik | Stedelike bevolking | Plattelandse bevolking | Steekproef | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Stad/dorp | Platteland | Totaal |
| Transvaal | | | | | |
| Johannesburg ...................... | 58,555 | 813 | 180 | 40 | 220 |
| Germiston ........................ | 4,278 | 10 | 40 | - | 40 |
| Benoni ........................... | 5,481 | 64 | 40 | - | 40 |
| Vereeniging ...................... | 1,557 | 232 | 30 | - | 30 |
| Pretoria ......................... | 7,460 | 527 | 40 | - | 40 |
| Klerksdorp ....................... | 1,885 | 172 | 30 | - | 30 |
| Totaal ........................... | 79,216 | 1,818 | 360 | 40 | 400 |
| Oranje-Vrystaat | | | | | |
| Bloemfontein ..................... | 6,281 | 901 | 30 | 20 | 50 |
| Fauresmith ....................... | 1,370 | 2,085 | 10 | 20 | 30 |
| Kroonstad ........................ | 819 | 101 | 20 | - | 20 |
| Totaal ........................... | 8,470 | 3,087 | 60 | 40 | 100 |
| GROOTTOTAAL ................. | 87,686 | 4,905 | 420 | 80 | 500 |

Vir sensusdoeleindes het die Buro vir Statistiek elke landdrosdistrik in 'n aantal opnemersdistrikte verdeel. Daar is toe besluit om tien proefpersone per opnemersdistrik te spreek. Die aantal benodigde opnemersdistrikte is gekies uit die opnemersdistrikte met eenhonderd of meer Kleurlinge.

1.2.2 Die opname

Die veldwerk is gedurende Julie en Augustus 1962 deur Kleurlingveldwerkers onderneem. Alle veldwerkers is deeglik opgelei in die prosedure wat gevolg moes word ten opsigte van die voltooiing van die vraelyste en hulle is ook in die tegniek van onderhoudvoering onderrig. Die voltooide vraelyste is deur vakkundiges van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, onder wie se toesig die veldwerkers gewerk het, gekontroleer en by afhandeling van die veldwerk, nagesien.

Van elke opnemerswyk is 'n kaart geteken wat saam met 'n stel instruksies aan die betrokke veldwerker gegee is. Beginpunte vir die veldwerkers, wat volgens die beginsel van ewekansigheid gekies is, is op elke kaart aangedui. In stedelike gebiede is daar op elke kaart vyf beginpunte aangedui en in landelike gebiede drie. Die veldwerkers moes by die eerste beginpunt begin, die aangeduide roete volg en vyf persone ondervra; daarna moes vyf persone op die tweede roete ondervra word. Die verdere beginpunte moes slegs gebruik word indien nie vyf persone in enige van die eerste twee roetes gevind kon word nie. Volgens die 1951-sensus was daar 50.6 persent Kleurlingmans en 49.4 persent Kleurlingvroue bo 18 jaar in die totale Kleurlingbevolking. Aangesien die twee geslagte so min in getal verskil, is daar besluit om in elke sensusopnemerswyk 5 mans en 5 vroue bo 18 jaar te ondervra. Die ondersoekgroep bestaan dus uit 50 persent mans en 50 persent vroue.

Die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, is vooraf gekodifiseer en 'n voorbeeld hiervan verskyn in die bylaag. Ten einde foute uit te skakel, is die vraelys so ontwerp dat die antwoorde op sekere vrae gekontroleer kon word deur antwoorde op vrae wat op 'n ander plek in die vraelys verskyn, na te gaan. Na afhandeling van die veldwerk is die gegewens op ponskaarte oorgedra en masjinaal verwerk.

Waar dit enigsins moontlik was, is die chi-kwadraattoets op die verkreë resultate toegepas, dog daar dien op gelet te word dat daar nie van die nulhipotese gebruik gemaak word nie. Waar die chi-kwadraattoets wel toegepas is, word die verkreë chi-kwadraatwaarde onderaan tabelle geplaas. Daar verskyn twee tipes tabelle in die verslag. In die eerste is telkens twee groepe ten opsigte van 'n gegewe met mekaar vergelyk. Die chi-kwadraatwaarde wat in sulke gevalle verkry is, dui die graad van betekenisvolheid aan van die verskille tussen die groepe wat vergelyk is. Ofskoon die nulhipotese nie in elke geval afsonderlik herhaal word nie, is dit by oorweging van gegewens in gedagte gehou, soos blyk uit die aard van die bespreking waar dit ter sake is. Die tweede tipe tabel bevat vergelykings tussen meer as twee groepe. Die chi-kwadraatwaardes wat in sulke gevalle onder die tabelle verskyn, toon aan dat 'n nadere ontleding van die desbetreffende gegewens ten opsigte van die groepe onderling die een of ander graad van betekenisvolheid aan die lig sal bring. Vir die doel van hierdie verslag is die gegewens egter nie nader vir die groepe onderling ontleed nie, want die bespreking is beperk tot die vind van wetmatighede en neigings in die breë vergelyking van die groepe as sodanig en nie op die onderlinge verskille wat 'n nadere ontleding aan die lig sou gebring het nie. Dit moet duidelik gestel word dat waar daar in hierdie verslag die begrip betekenisvol voorkom, dit geensins dui op statistiese beduidenheid nie, maar dat die begrip in sy alledaagse betekenis gebruik word.

## 1.3 BEGRIPSBEPALING

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit nodig gevind om enkele

begrippe toe te lig.

1.3.1 Wet: Die woord „Wet" verwys deurgaans na Wet nr. 30 van 1928, ook bekend as die Drankwet van 1928 of kortweg die Drankwet.

1.3.2 Drank: Waar die woord „drank" in hierdie verslag voorkom, moet dit as 'n sinoniem van alkoholiese drank, soos dit in die wet omskrywe word, beskou word.

1.3.3 Wyn: Dit is die drank wat verkry word deur die gisting van sap van vars druiwe of ander vrugte, sonder die toevoeging van enige ander stof wat nie in artikel 2 van die Wijn, Spiritualiën en Azijn Wet, Wet nr. 15 van 1913, toegelaat word nie. Soet-, droë en skuimwyn sowel as appel-, peer- en lemoenwyn word hierby ingesluit.

1.3.4 Bier: Dit is die drank wat verkry word deur die gisting van moutpap en wat meer alkohol as twee persent van sy volume bevat en sluit nie Bantoebier in nie.

1.3.5 Spiritualieë: Dit is drank wat verkry word deur die distillasie van vrugtesap, graan, suiker of ander alkoholiese drank en sluit brandewyn, whisky, jenewer, rum, likeurs, vodka en so meer in.

1.3.6 Bantoebier: Bantoebier is 'n dranksoort wat gewoonlik deur Bantoes gebrou word deur gisting van kafferkoring of ander graan. Die Wet vereis dat Bantoebier nie meer alkohol as twee persent van sy volume bevat nie. In teenstelling met die wetlike bepaling het die persentasie alkohol nie in hierdie verslag as norm gegeld nie, want indien 'n hoër persentasie alkohol deur 'n natuurlike en verlengde gistingsproses bereik is, is die drank nog as Bantoebier geklassifiseer, maar sodra „vreemde" stowwe soos brandspiritus bygevoeg is, is dit nie meer as sodanig geklassifiseer nie.

1.3.7 Bantoedrank: Sluit Bantoebier sowel as ander Bantoedranksoorte in.

1.3.8 Ondersoekgroep: Die totale getal proefpersone staan ook as die ondersoekgroep of as die steekproef bekend.

1.3.9 Bevolking: Die begrip dui altyd op die Kleurlingbevolking van Transvaal en die Oranje-Vrystaat.

1.3.10 Huwelikstaat: Proefpersone wat wettig getroud was sowel as diegene wat nie getroud was nie maar as man en vrou saamgewoon het, is as persone wat binne huweliksverband gelewe het, beskou. Die proefpersone wat nooit getroud was nie, of wat wel getroud was, maar ten tye van die ondersoek geskeies of verlatenes was, sowel as die wewenaars en weduwees, is as persone wat buite huweliksverband lewe, geklassifiseer.

1.3.11 Woonplek: Twee indelings is gemaak, naamlik, eerstens die stedelike gebiede, wat alle proefpersone wat van dorpe en stede afkomstig is, ingesluit het en tweedens, die landelike gebiede wat proefpersone wat vanaf plase en kleinhoewes afkomstig is, ingesluit het.

1.3.12 Geheelonthouer: Dit is daardie persoon wat hoegenaamd geen drank, van watter aard ookal, behalwe vir sakramentele doeleindes, gebruik nie.

1.3.13 Gebruiker: Enige persoon wat wel alkoholiese drank, van watter aard ook al, hoe gering ook al, gebruik, word 'n gebruiker genoem.

1.3.14 Huishouding: Dit is daardie ekonomiese en sosiale eenheid wat uit persone wat in dieselfde huis woon en aan dieselfde tafel eet, saamgestel is, en vir wie daar

slegs een gesinsbegroting bestaan.

1.3.15 Inkomste: Die totale netto inkomste van 'n huishouding, afgesien daarvan of een of albei eggenote dit verdien, word as die inkomste beskou. Waar die vrou die proefpersoon is en sy geen buitenshuise beroepsarbeid verrig nie, word die eggenoot se inkomste as haar inkomste beskou.

1.3.16 Afrikaanse kerke: Hierdie benaming dui op die drie Afrikaanse Susterskerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduits Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk.

1.3.17 Engelse kerke: Hier word die Congregational Kerk, die Anglikaanse Kerk en die Metodistekerk saam gegroepeer.

1.3.18 Drankmate: Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die volgende drankmate aangegee:

| | |
|---|---|
| 1 bottel spiritualieë | = 21 drankies |
| 1 bottel gefortifiseerde wyn | = ± 14 glase |
| 1 bottel natuurlike wyn | = 6 glase |
| 1 klein botteltjie bier | = 1 pint |
| 1 groot bottel bier | = 2 pinte |
| 4 „shandies" | = 1 pint bier |

## 1.4 INDELING VAN DIE VERSLAG

Hieronder volg 'n uiteensetting van die indeling van die verslag. Hoofstuk een vorm die inleidende hoofstuk van die verslag en hierin word die doel en die metode van die ondersoek, die samestelling van die ondersoekgroep en die omskrywing van enkele begrippe bespreek.

In hoofstuk twee word die algemene kenmerk van die ondersoekgroep bespreek, terwyl die geheelonthouers en die drankgebruikers in hoofstuk drie as twee teenstellende groepe ten opsigte van bepaalde maatskaplike faktore met mekaar vergelyk word. Hoofstuk vier bevat die motivering vir onthouding soos deur die proefpersone aangevoer. Die sewe hoofstukke vanaf hoofstuk vyf tot en met elf is slegs op die gebruikers van toepassing en die drinkmotief, drankvoorkeur, drinkfrekwensie, die plek waar Blankedrank gewoonlik genuttig word, die hoeveelheid drank genuttig gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, die weeklikse huishoudelike uitgawe aan drank, en die drinksituasie word hier ontleed.

In hoofstuk twaalf word die proefpersone se houdings ten opsigte van die drankwetgewing, soos wat dit ten tye van die ondersoek was, bespreek terwyl hoofstuk dertien 'n algemene samevatting van die inhoud van die verslag bevat.

## HOOFSTUK 2

## DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word kenmerke van die ondersoekgroep soos byvoorbeeld geslagsverdeling, ouderdomsverspreiding, huistaal, huwelikstaat, onderwyspeil, beroep, inkomste, woonplek, kerkverband en geletterdheid bespreek. Hierdie kenmerke word, sover moontlik, met die sensusgegewens van 1951 vergelyk aangesien die gegewens van die 1960-sensusopname ten tye van die beplanning van hierdie ondersoek, nog nie beskikbaar gestel was nie en die steekproef dus op die 1951-sensusgegewens gebaseer is. Die amptelike sensussyfers is so saamgestel dat sommige van die gegewens slegs ten opsigte van die bevolking van 18 jaar en ouer en in ander gevalle weer ten opsigte van die bevolking van 15 jaar en ouer beskikbaar is.

### 2.2 GESLAGSVERDELING

Die geslagsverdeling van die ondersoekgroep word in tabel 2.1 met dié van die bevolking van 18 jaar en ouer van die genoemde provinsies vergelyk.

TABEL 2.1

DIE GESLAGSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Geslag | Getal | Persentasie | Persentasie van bevolking van 18 jaar en ouer |
|---|---|---|---|
| Manlik | 250 | 50.0 | 50.6 |
| Vroulik | 250 | 50.0 | 49.4 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 | 100.0 |

Blykens die gegewens in tabel 2.1 bestaan die ondersoekgroep uit 50.0 persent mans en 50.0 persent vroue terwyl die bevolking uit 50.6 persent mans en 49.4 persent vroue bestaan het. Die steekproef weerspieël dus in hierdie opsig 'n getroue beeld van die bevolking.

### 2.3 OUDERDOMSVERSPREIDING

In tabel 2.2 word die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep met dié van die bevolking van 18 jaar en ouer vergelyk.

TABEL 2.2

DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Ouderdom | Getal | Persentasie | Persentasie van bevolking van 18 jaar en ouer |
|---|---|---|---|
| 18-20 jaar | 6 | 1.2 | 10.7 |
| 21-30 jaar | 155 | 31.0 | 31.9 |
| 31-40 jaar | 165 | 33.0 | 23.9 |
| Subtotaal | 326 | 65.2 | 66.5 |
| 41-50 jaar | 94 | 18.8 | 16.1 |
| 51-60 jaar | 55 | 11.0 | 7.9 |
| 61-70 jaar | 20 | 4.0 | 6.1 |
| 71 jaar en ouer | 5 | 1.0 | 3.5 |
| Subtotaal | 174 | 34.8 | 33.6 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 | 100.0 |

Volgens tabel 2.2 val 'n kleiner persentasie (1.2%) van die proefpersone in die jongste ouderdomsgroep as wat die geval by die totale bevolking was (10.7%). Die teenoorgestelde geld vir die ouderdomsgroep 31 tot 40 jaar met die gevolg dat daar min verskil is tussen die persentasies van die ouderdomsgroep en die totale bevolking vir die verskillende ouderdomsgroepe tussen 18 en 40 jaar tesame.

Die waargenome verskille tussen die ondersoekgroep en die bevolking by die jongste ouderdomsgroep, kan moontlik daaraan gewyt word dat persone in hierdie ouderdomsgroep dikwels uithuisig is met die gevolg dat die veldwerkers nie soveel persone in hierdie ouderdomsgroep kon ondervra nie. Die teenoorgestelde situasie is waarskynlik deels verantwoordelik vir die feit dat die ondersoekgroep 'n groter persentasie persone in die ouderdomsgroepe 31 tot 40, 41 tot 50 en 51 tot 60 jaar insluit as wat die geval in die totale bevolking is.

## 2.4 HUISTAAL

In tabel 2.3 word die verspreiding van die ondersoekgroep volgens hulle huistaal met die 1951-sensusgegewens in verband gebring. Die sensusgegewens sluit in hierdie verband alle Kleurlinge van 15 jaar en ouer in.

TABEL 2.3

DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Huistaal | Getal | Persentasie | Persentasie van bevolking van 15 jaar en ouer |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | 401 | 80.2 | 85.3 |
| Engels | 99 | 19.8 | 12.3 |
| Ander | - | - | 2.3 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 | 100.0 |

Dit blyk dat die ondersoekgroep nie veel van die bevolking van 15 jaar en ouer afwyk sover dit die huistaal van die twee groepe aangaan nie. Van die ondersoekgroep was 80.2 persent Afrikaans - en 19.8 persent Engelssprekend, teenoor 85.3 persent Afrikaans - en 12.3 persent Engelssprekendes in die bevolking van 15 jaar en ouer.

## 2.5 HUWELIKSTAAT

In tabel 2.4 word die huwelikstaat van die ondersoekgroep met dié van die bevolking van 15 jaar en ouer vergelyk.

TABEL 2.4

DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Huwelikstaat | Getal | Persentasie | Persentasie van bevolking van 15 jaar en ouer |
|---|---|---|---|
| Nog nie getroud nie | 72 | 14.4 | 40.1 |
| Getroud | 364 | 72.8 | 49.5 |
| Was getroud, nou geskei of verlaat | 17 | 3.4 | 1.8 |
| Nie getroud, maar woon saam as man en vrou | 15 | 3.0 | 0.5 |
| Wewenaar/Weduwee | 32 | 6.4 | 8.1 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 | 100.0 |

Blykens tabel 2.4 maak die groep wat nog nie getroud was nie, 'n kleiner persentasie van die ondersoekgroep uit as van die totale bevolking van 15 jaar en ouer. Die teenoorgestelde geld vir die getroudes waar die persentasie by die ondersoekgroep veel hoër is as in die geval van die bevolking. Daar dien egter op gelet te word dat die ondersoekgroep persone van 18 jaar en ouer insluit, terwyl die sensusgegewens op persone van 15 jaar en ouer betrekking het. Dit volg dus logies dat die bevolking waarna verwys word, 'n groter persentasie persone behoort in te sluit wat nog nie getroud is nie, as die ondersoekgroep. Die verskil kan moontlik ook in 'n mate daaraan gewyt word dat die jongmense soos reeds by tabel 2.2 op gewys, nie so dikwels as die getroudes deur die veldwerkers tuis aangetref is nie.

## 2.6 WOONPLEK

Die woonplek van die ondersoekgroep word in tabel 2.5 in verband gebring met die woonplek van die bevolking soos dit in die 1951-sensusgegewens opgeneem is.

TABEL 2.5

WOONPLEK VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Woonplek | Getal | Persentasie | Persentasie van bevolking van 18 jaar en ouer |
|---|---|---|---|
| Stedelike gebiede | 422 | 84.4 | 85.4 |
| Landelike gebiede | 78 | 15.6 | 14.6 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 | 100.0 |

Volgens tabel 2.5 het 84.4 persent van die ondersoekgroep teenoor 85.4 persent van die bevolking van 18 jaar en ouer in stedelike gebiede gewoon, terwyl 15.6 en 14.6 persent onderskeidelik in landelike gebiede woonagtig was. Hiervolgens blyk dit dus dat die steekproef 'n getroue beeld van die bevolking weerspieël.

## 2.7 ONDERWYSPEIL

Die onderwyspeilverspreiding van die ondersoekgroep word in tabel 2.6 weergegee. 'n Vergelyking met die bevolking is in hierdie geval nie moontlik nie aangesien daar geen vergelykbare sensusgegewens in hierdie verband beskikbaar was nie.

TABEL 2.6

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Onderwyspeilgroep | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Nooit skool gegaan of geen standerd geslaag nie | 50 | 10.0 |
| Laerskool bygewoon | 311 | 62.2 |
| Hoërskool bygewoon | 136 | 27.2 |
| Naskoolse opleiding geniet | 3 | 0.6 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 |

Die grootste persentasie van die proefpersone het 'n laerskool bygewoon, terwyl ietwat meer as 'n kwart van hulle 'n hoërskool besoek het (27.2%). Die onderwyspeilgroep wat nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag het nie, was 10.0 persent van die ondersoekgroep. Drie persone (0.6%) het wel naskoolse opleiding geniet.

## 2.8 BEROEP

Die beroepsverspreiding van die ondersoekgroep word in tabel 2.7 aangetoon. Ook in hierdie geval kan die gegewens van die Buro vir Statistiek nie gebruik word nie, aangesien die eie indeling van beroepe nie vergelykbaar is met dié wat in die sensustabelle gebruik is nie.

TABEL 2.7

DIE BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Beroepsgroep | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ongeskooldes | 244 | 48.8 |
| Geskooldes, veiligheidsdienste en persone met privaatondernemings | 49 | 9.8 |
| Huisvroue en ander nie-ekonomiese bedrywige persone | 148 | 29.6 |
| Professionele, tegniese en verwante beroepe | 59 | 11.8 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 |

Bykans die helfte van die proefpersone het in die beroepsgroep ongeskooldes geval (48.8%), terwyl huisvroue en ander nie-ekonomies bedrywige persone die tweede grootste groep vorm (29.6%), gevolg deur die professionele, tegniese en verwante beroepe (11.8%) en die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en persone met privaatondernemings (9.8%).

## 2.9 INKOMSTE

In tabel 2.8 word die verspreiding van die weeklikse inkomste van die ondersoekgroep aangetoon. Daar was in hierdie geval ook nie ooreenstemmende sensusgegewens beskikbaar nie.

TABEL 2.8

DIE INKOMSTEVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Inkomste per week | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Tot R14.99 | 269 | 53.8 |
| R15.00 - R29.99 | 185 | 37.0 |
| R30.00 en meer | 46 | 9.2 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 |

Meer as die helfte van die ondersoekgroep het weekliks minder as R15.00 verdien (53.8%), terwyl 37.0 persent van die proefpersone van R15.00 tot R29.99 per week verdien het en 9.2 persent 'n inkomste van R30.00 en meer per week gehad het. Daar was geen persone wat geen inkomste gehad het nie.

## 2.10 KERKVERBAND

Tabel 2.9 toon aan hoedat die ondersoekgroep ten opsigte van hulle kerkverband versprei is en in watter mate hierdie verspreiding met dié van die bevolking van 15 jaar en ouer ooreenkom.

TABEL 2.9

DIE KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Kerkverband | Getal | Persentasie | Persentasie van bevolking van 15 jaar en ouer |
|---|---|---|---|
| Afrikaanse kerke | 65 | 13.0 | 15.5 |
| Engelse kerke | 278 | 55.6 | 44.1 |
| Rooms- Katolieke Kerk | 51 | 10.2 | 8.2 |
| Apostoliese gelowe en Volle Evangelie Kerk | 50 | 10.0 | 6.0 |
| Geen kerk | 2 | 0.4 | 1.0 |
| Ander kerke | 54 | 10.8 | 25.2 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 | 100.0 |

Blykens die gegewens in tabel 2.9 is die ondersoekgroep, met 55.6 persent proefpersone wat aan Engelse Kerke behoort, in hierdie opsig ietwat oorverteenwoordig in vergelyking met die ooreenstemmende sensussyfers (44.1%). Die proefpersone wat in die kategorie „Ander kerke" val, is weer onderverteenwoordig, aangesien 10.8 persent van die ondersoekgroep, teenoor 25.2 persent van die bevolking, aan „Ander kerke" behoort. Waarskynlik kan hierdie verskille aan 'n verskil in indeling toegeskryf word.

Dit is in hierdie verband wel betekenisvol dat byna die helfte (44.1%) van die Kleurlingbevolking aan Engelse Kerke behoort terwyl dit uit tabel 2.3 geblyk het dat meer as vier vyfdes (85.3%) Afrikaanssprekend is.

## 2.11 GELETTERDHEID

Die lees- en skryfkennis van die ondersoekgroep word in tabel 2.10 aangetoon. Daar was nie syfers ten opsigte van die bevolking in hierdie verband beskikbaar nie.

TABEL 2.10

DIE GELETTERDHEID VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Lees- en skryfkennis | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Alfabete | 439 | 87.8 |
| Analfabete | 61 | 12.2 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 |

Uit bostaande tabel blyk dit dat die oorgrote meerderheid van die proefpersone wel kan lees en skrywe (87.8%) en dat 12.2. persent analfabete is.

## 2.12 SAMEVATTING

Die ondersoekgroep is ten opsigte van geslagsverdeling, ouderdom, huistaal, woonplek en kerkverband met die bevolking, soos uit die 1951-sensusgegewens verkry, vergelyk. Hiervolgens het dit geblyk dat die ondersoekgroep in 'n groot mate met die ooreenstemmende bevolkingsgroep ooreenkom. Die ondersoekgroep kan dus as 'n verteenwoordigende steekproef, van die bevolking waaruit dit getrek is, beskou word.

## HOOFSTUK 3

## GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die geheelonthouers en die gebruikers van drank met mekaar ten opsigte van verskillende persoonlike kenmerke vergelyk, soos byvoorbeeld geslag, ouderdom, huistaal, huwelikstaat, woonplek, onderwyspeil, geletterdheid, beroep, inkomste en kerkverband.

Die klem val hier bloot op die feit of die proefpersone drank, hoe min ook al, gebruik al dan nie. Die intensiteit van die drinkgewoonte geniet nie die aandag nie.

### 3.2 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS GESLAG

In tabel 3.1 word die geheelonthouers en die gebruikers van drank ten opsigte van hulle geslagsverdeling vergelyk.

TABEL 3.1

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS GESLAG

| Groep | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geheelonthouers | 35 | 14.0 | 123 | 49.2 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 215 | 86.0 | 127 | 50.8 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 250 | 100.0 | 250 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 71.6558$; $p < 0.1\%$

Uit die gegewens in tabel 3.1 blyk dit dat 31.6 persent, of bykans een derde, van die ondersoekgroep geheelonthouers is.

Verder blyk dit dat daar baie meer vroue is wat as geheelonthouers geklassifiseer is as mans, naamlik 49.2 persent teenoor 14.0 persent. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskil is waarskynlik daarin geleë dat dit in die meeste gemeenskappe aanvaar word dat die vrou verkieslik 'n onthouer moet wees. Die betrokke Kleurlinggemeenskappe vorm hier geen uitsondering nie.

### 3.3 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS OUDERDOM

In tabel 3.2 word die geheelonthouers en die gebruikers van drank, met betrekking tot hulle onderskeie ouderdomsverdelings vergelyk.

TABEL 3.2

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS OUDERDOM

| Groep | 30 jaar en jonger | | 31-40 j. | | 41-50 j. | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G* | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 48 | 29.8 | 40 | 24.2 | 33 | 35.1 | 37 | 46.3 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 113 | 70.2 | 125 | 75.8 | 61 | 64.9 | 43 | 53.7 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 161 | 100.0 | 165 | 100.0 | 94 | 100.0 | 80 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 12.8483$ ; 1% $p < 0.1\%$

* G: In dié tabelle waar daar nie voldoende ruimte is om „Getal" uit te skryf nie, word slegs „G" gebruik.

Soos reeds in afdeling 3.1 aangetoon, is 31.6 persent van die ondersoekgroep geheelonthouers. As hierdie persentasie vergelyk word met die persentasie wat geheelonthouers van elke afsonderlike ouderdomsgroep vorm, val dit op dat die hoogste ouderdomsgroep die grootste persentasie geheelonthouers insluit, naamlik 46.3 persent. Die ouderdomsgroep 31 tot 40 jaar het die minste geheelonthouers ingesluit (24.2%). Die vraag ontstaan nou: Waarom is daar minder gebruikers van drank by die ouer ouderdomsgroepe? 'n Moontlike verklaring mag in die volgende geleë wees: Waarskynlik drink die ouer persoon minder as die jonger persoon as gevolg van 'n geringer inkomste aangesien hy/sy nie meer in dieselfde mate op die ope arbeidsmark kan meeding nie. Die toename in ouderdom, sowel as die geslagsamestelling van die ouer ouderdomsgroepe, mag ook 'n bydraende faktor wees want dit is 'n bekende feit dat die lewensverwagting van die vrou hoër is as die van die man. Ten opsigte van die lewensverwagting van die Kleurling toon S. P. Celliers byvoorbeeld aan dat die verwagte lewensduur van Kleurlingmans 44.82 jaar en van Kleurlingvroue 47.77 jaar is (4, bl. 21). In Tabel 3.1 is reeds aangetoon dat minder vroue as mans gebruikers van drank is.

## 3.4 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS HUISTAAL

In tabel 3.3 volg 'n uiteensetting van die geheelonthouers en die gebruikers van drank volgens huistaal.

TABEL 3.3

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS HUISTAAL

| Groep | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 135 | 33.7 | 23 | 23.2 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 266 | 66.3 | 76 | 76.8 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 401 | 100.0 | 99 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 3.9986$ ; $5\% > p > 2\%$

Uit tabel 3.3 blyk dit dat die Afrikaanssprekende groep meer geheelonthouers as die Engelssprekende groep ingesluit het (33.7% teenoor 23.2%). Die waargenome verskille mag op hul beurt met die graad van landelik-stedelikheid, beroep, inkomste, ouderdom, geslag ensovoorts saamhang. Aangesien die Engelssprekende slegs sowat een vyfde van die totale ondersoekgroep is, moet groot versigtigheid aan die dag gelê word wanneer afleidings gemaak word.

## 3.5 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

In tabel 3.4 word die huwelikstaat van die proefpersone en die gewoonte om drank te gebruik of nie, met mekaar in verband gebring.

TABEL 3.4

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Groep | Binne huweliks-verband | | Buite huweliks-verband | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 127 | 33.5 | 31 | 25.6 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 252 | 66.5 | 90 | 74.4 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 379 | 100.0 | 121 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 2.6409$ ; $20\% > p > 10\%$

Die feit dat daar 'n groter persentasie gebruikers (74.4%) by die groep wat buite huweliksverband lewe, voorkom, as wat die geval is by diegene wat binne huweliksverband lewe (66.5%), is waarskynlik deels toe te skrywe aan die groter mate van vryheid, geringer verantwoordelikheid ten opsigte van ander persone, veral afhanklikes, en meer geld wat vir persoonlike gebruik aangewend kan word, wat die vrygesel van diegene wat binne huweliksverband lewe, onderskei.

## 3.6 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS WOONPLEK

In tabel 3.5 word die gegewens getabuleer om aan te dui of daar 'n verskil tussen plattelandse en stedelike Kleurlinge is ten opsigte van drankgebruik en geheelonthouding.

TABEL 3.5

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS WOONPLEK

| Groep | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 140 | 33.2 | 18 | 23.1 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 282 | 66.8 | 60 | 76.9 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 422 | 100.0 | 78 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 3.1058$ ; $10\% > p > 5\%$

Blykens die gegewens in tabel 3.5 was 'n kleiner persentasie (66.8%) van die stedelinge as van die landelike groep (76.9%) gebruikers.

## 3.7 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die geheelonthouers wat in hierdie ondersoek gevind is, word in tabel 3.6 met die gebruikers van drank ten opsigte van hulle onderwyspeil vergelyk.

TABEL 3.6

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Groep | Nooit skool gegaan of geen standerd geslaag nie | | Laerskool-kwalifikasies | | Hoër kwalifikasies as laerskool | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 15 | 30.0 | 107 | 34.4 | 36 | 25.9 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 35 | 70.0 | 204 | 65.6 | 103 | 74.1 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 50 | 100.0 | 311 | 100.0 | 139 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 3.2812$ ; $20\% > p > 10\%$

Blykens die verspreiding van die gegewens in tabel 3.6 is die verskille tussen die onderskeie groepe nie baie groot nie. Die laagste onderwyspeilgroep (70.0%) en die hoogste onderwyspeilgroep (74.1%) het persentueel meer gebruikers opgelewer as die middelste onderwyspeilgroep (65.6%).

## 3.8 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS GELETTERDHEID

Die mate van geletterdheid van die proefpersone word in tabel 3.7 met hulle onthouding of gebruik van drank in verband gebring.

TABEL 3.7

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS GELETTERDHEID

| Groep | Alfabete | | Analfabete | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 141 | 32.1 | 17 | 27.9 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 298 | 67.9 | 44 | 72.1 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 439 | 100.0 | 61 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 0.3610$ ; $70\% > p > 50\%$

Volgens die gegewens vervat in tabel 3.7 blyk dit dat daar slegs geringe verskille te bespeur is tussen die alfabete en die analfabete ten opsigte van die gebruik en onthouding van drank. Die waargenome verskille tussen die twee groepe is nie betekenisvol nie.

## 3.9 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS BEROEP

Die gebruik en onthouding van drank word in tabel 3.8 met die beroepe van die proefpersone in verband gebring.

TABEL 3.8

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS BEROEP

| Groep | Ongeskool-des | | Geskooldes, veiligheids-dienste, pri-vaatonder-nemings | | Huisvrou en nie-eko-nomies be-drywige persone | | Professionele, tegniese en verwante beroepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 55 | 22.5 | 8 | 16.3 | 81 | 54.7 | 14 | 23.7 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 189 | 77.5 | 41 | 83.7 | 67 | 45.3 | 45 | 76.3 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 244 | 100.0 | 49 | 100.0 | 148 | 100.0 | 59 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 52.8746$ ; $p < 0.1\%$

Blykens die gegewens in tabel 3.8 kom die grootste persentasie geheelonthouers (54.7%) by die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone voor, waarskynlik as gevolg van die relatief groot persentasie vroue in hierdie groep, terwyl die kleinste persentasie geheelonthouers by die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings voorkom (16.3%). 'n Verklaring vir hierdie verskille bly bloot spekulatief en gevolglik word dit nie raadsaam geag om hieroor kommentaar te lewer nie.

## 3.10 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS INKOMSTE

Tabel 3.9 is só saamgestel dat die proefpersone se inkomste en hulle gebruik of onthouding van drank aangetoon word. Die begrip inkomste word in afdeling 1.3.15 omskrywe en by die interpretasie van die gegewens moet dit deeglik in gedagte gehou word.

TABEL 3.9

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS INKOMSTE

| Groep | Weeklikse inkomste | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tot R14.99 | | R15.00-R29.99 | | R30.00 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 84 | 31.2 | 55 | 29.7 | 19 | 41.3 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 185 | 68.8 | 130 | 70.3 | 27 | 58.7 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 269 | 100.0 | 185 | 100.0 | 46 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 2.3206$ ; $50\% > p > 30\%$

Blykens die gegewens in tabel 3.9 kom die grootste persentasie geheelonthouers by die hoogste inkomstegroep, R30.00 en meer, voor (41.3%). Die verskille tussen die ander inkomstegroepe is klein.

## 3.11 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS KERKVERBAND

Geheelonthouers en gebruikers van drank word in tabel 3.10 met mekaar ten opsigte van hulle kerkverband vergelyk.

TABEL 3.10

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN DRANK VOLGENS KERKVERBAND

| | Afrikaanse kerke | | Engelse kerke | | Rooms-Katolieke Kerk | | Apostoliese gelowe en Volle Evangelie Kerk | | Geen kerk | | Ander kerke | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geheelonthouers | 18 | 27.7 | 82 | 29.5 | 14 | 27.5 | 24 | 48.0 | - | - | 20 | 37.0 | 158 | 31.6 |
| Gebruikers | 47 | 72.3 | 196 | 70.5 | 37 | 72.5 | 26 | 52.0 | 2 | 100.0 | 34 | 63.0 | 342 | 68.4 |
| TOTAAL | 65 | 100.0 | 278 | 100.0 | 51 | 100.0 | 50 | 100.0 | 2 | 100.0 | 54 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Volgens die gegewens vervat in tabel 3.10 het die grootste persentasie geheelonthouers (48.0%) aan die Apostoliese gelowe of Volle Evangelie Kerk behoort. Waarskynlik is dit die sterk veroordeling van die gebruik van drank deur hierdie kerke wat hier tot uiting kom.

3.12 SAMEVATTING

3.12.1 Ongeveer een derde van die ondersoekgroep is geheelonthouers en in verhouding is meer vroue as mans geheelonthouers.

3.12.1 Die ouderdomsgroepe 41 jaar en ouer sluit 'n groter persentasie geheelonthouers in as die jonger ouderdomsgroepe.

3.12.3 Ongeveer een derde van die Afrikaanssprekendes was geheelonthouers, terwyl minder as een kwart van die Engelssprekendes hulle van drank onthou het.

3.12.4 Een uit elke drie persone wat binne huweliksverband gelewe het, teenoor een uit elke vier wat buite huweliksverband gelewe het, is as geheelonthouers geklassifiseer.

3.12.5 Drie-en-dertig punt twee persent stedelinge, teenoor 23.1 persent plattelanders was geheelonthouers.

3.12.6 Die laagste en die hoogste onderwyspeilgroepe het in 'n geringe mate hoër persentasies gebruikers opgelewer as die middelste onderwyspeilgroep.

3.12.7 Geletterdheid hou min verband met onthouding en gebruik van drank blykens die verkreë chi-kwadraatwaarde.

3.12.8 Meer as 50.0 persent van die proefpersone in die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone was geheelonthouers, terwyl die geheelonthouers minder as een kwart van elk van die ander beroepsgroepe uitmaak.

3.12.9 Die hoogste inkomstegroep het in 'n geringe mate 'n groter persentasie geheelonthouers as die middelste en laagste inkomstegroepe.

3.12.10 Die Apostoliese gelowe en die Volle Evangelie Kerk het 'n groter persentasie geheelonthouers as die ander kerke.

# HOOFSTUK 4

# MOTIVERING VIR ONTHOUDING VAN DRANK

## 4.1 INLEIDING

Uit die ondersoek het geblyk dat 31.6 persent van die ondersoekgroep geheelonthouers was. In hierdie hoofstuk word daar ingegaan op die redes wat geheelonthouers aanvoer vir hulle onthouding van drank. Die redes word soos volg ingedeel: sedelike, godsdienstige of sosiale redes, finansiële redes, gesondheidsredes en „ander" redes.

## 4.2 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS GESLAG

In die onderstaande tabel word die motiewe van die twee geslagte ten opsigte van geheelonthouding getabuleer.

TABEL 4.1

MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS GESLAG

| Motivering vir onthouding | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Sedelike, godsdienstige of sosiale redes | 13 | 36.1 | 72 | 59.0 | 85 | 53.8 |
| Finansiële redes | 3 | 8.3 | 5 | 4.1 | 8 | 5.1 |
| Gesondheidsredes | 18 | 50.0 | 39 | 32.0 | 57 | 36.0 |
| Ander redes | 2 | 5.6 | 6 | 4.9 | 8 | 5.1 |
| TOTAAL | 36 | 100.0 | 122 | 100.0 | 158 | 100.0 |

$X^2 = 6.2231$ ; $20\% > p > 10\%$

Blykens die gegewens in tabel 4.1 het meer as die helfte (53.8%) van die geheelonthouers sedelike, godsdienstige of sosiale redes vir hulle onthouding voorgehou. Gesondheidsredes kom die tweede meeste voor (36.0%), terwyl finansiële redes (5.1%) en „ander" redes ewe veel aangevoer word. Die redes wat meestal deur die vroue aangevoer word, is sedelike, godsdienstige of sosiale redes (59.0%) gevolg deur gesondheidsredes (32.0%), terwyl die mans veral om gesondheidsredes (50.0%) en tweedens om sedelike, godsdienstige of sosiale redes (36.1%) nie drank gebruik nie.

## 4.3 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS OUDERDOM

Die motivering vir onthouding van drank word in tabel 4.2 volgens die proefpersone se ouderdom ontleed.

TABEL 4.2

MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS OUDERDOM

| Motivering vir onthouding | 30 jaar en jonger | | 31-40 jaar | | 41-50 jaar | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Sedelike, godsdienstige of sosiale redes | 28 | 58.3 | 26 | 65.0 | 13 | 39.4 | 18 | 48.7 | 85 | 53.8 |
| Finansiële redes | 3 | 6.3 | 1 | 2.5 | 3 | 9.1 | 1 | 2.7 | 8 | 5.1 |
| Gesondheidsredes | 14 | 29.1 | 12 | 30.0 | 15 | 45.5 | 16 | 43.2 | 57 | 36.0 |
| Ander redes | 3 | 6.3 | 1 | 2.5 | 2 | 6.0 | 2 | 5.4 | 8 | 5.1 |
| TOTAAL | 48 | 100.0 | 40 | 100.0 | 33 | 100.0 | 37 | 100.0 | 158 | 100.0 |

Volgens die gegewens in tabel 4.2 het 58.3 persent van die proefpersone in die jongste ouderdomsgroep sedelike, godsdienstige of sosiale redes vir hulle onthouding aangevoer. Genoemde redes word ook deur die ouderdomsgroep 31 tot 40 jaar (65.0%) en die ouderdomsgroep 51 jaar en ouer (48.7%) aangevoer. By die ouderdomsgroep 41 tot 50 jaar word gesondheidsredes (45.5%) eerste gestel. Dit blyk uit die tabel dat die motivering vir onthouding en ouderdom skynbaar min verband met mekaar hou.

## 4.4 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS HUISTAAL

Die geheelonthouers se redes vir hulle onthouding word hieronder met hulle huistaal in verband gebring.

TABEL 4.3

MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS HUISTAAL

| Motivering vir onthouding | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Sedelike, godsdienstige of sosiale redes | 75 | 55.1 | 10 | 45.5 | 85 | 53.8 |
| Finansiële redes | 7 | 5.2 | 1 | 4.5 | 8 | 5.1 |
| Gesondheidsredes | 48 | 35.3 | 9 | 40.9 | 57 | 36.0 |
| Ander redes | 6 | 4.4 | 2 | 9.1 | 8 | 5.1 |
| TOTAAL | 136 | 100.0 | 22 | 100.0 | 158 | 100.0 |

$X^2 = 1.3281$ ; $80\% > p > 70\%$

Uit die gegewens in bostaande tabel wil dit voorkom asof daar geen duidende verskil in die motivering tussen die twee huistaalgroepe is nie.

## 4.5 MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS WOONPLEK

In tabel 4.4 word die motivering vir onthouding volgens woonplek aangetoon.

TABEL 4.4

MOTIVERING VIR ONTHOUDING VOLGENS WOONPLEK

| Motivering vir onthouding | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Sedelike, godsdienstige of sosiale redes | 76 | 54.2 | 9 | 50.0 | 85 | 53.8 |
| Finansiële redes | 5 | 3.5 | 3 | 16.6 | 8 | 5.1 |
| Gesondheidsredes | 53 | 38.0 | 4 | 22.2 | 57 | 36.0 |
| Ander redes | 6 | 4.2 | 2 | 11.1 | 8 | 5.1 |
| TOTAAL | 140 | 100.0 | 18 | 100.0 | 158 | 100.0 |

Dit wil uit tabel 4.4 voorkom asof sedelike, godsdienstige en sosiale redes sowel as gesondheidsredes by die stedelike groep 'n belangriker rol speel as by die landelike groep terwyl finansiële en „ander" redes by die landelike groep weer 'n sterker invloed uitoefen as by die stedelinge. Die selfrekwensies by die landelike groep is egter so klein dat enige afleidings gewaagd sou wees.

## 4.6 SAMEVATTING

4.6.1 Meer as die helfte van die geheelonthouers onthou hulself van die gebruik van drank weens sedelike, godsdienstige of sosiale redes.

4.6.2 Die persentasie vroue wat die bogenoemde redes aanvoer, is aansienlik hoër as die persentasie mans. Gesondheidsredes word deur 'n groter persentasie mans as vroue aangevoer.

4.6.3 Dit blyk uit die gegewens dat die motivering vir onthouding en faktore soos ouderdom, huistaal en woonplek skynbaar min verband met mekaar hou.

# HOOFSTUK 5

# DIE DRINKMOTIEF

## 5.1 INLEIDING

Die drinkmotief is waarskynlik een van die aspekte van 'n ondersoek na die drinkpatroon waaroor korrekte gegewens die moeilikste bekombaar is. Verskeie faktore kan in hierdie verband 'n rol speel soos onder meer die feit dat die proefpersoon nie maklik die werklike redes vir sy/haar drinkgewoonte sal wil openbaar nie, maar veeleer dít sal voorhou wat makliker deur die gemeenskap aanvaar sal word. Rasionalisasie van die kant van die proefpersoon kan die beeld vertroebel. Sommige proefpersone kan straks self nie bewus wees van die werklike redes waarom hulle drank gebruik nie en hulle mag die belangrikste motiewe weglaat en slegs die minder belangrike redes verstrek. Die ondersoeker kan nie bepaal in watter mate rasionalisasie die verkreë gegewens beïnvloed het nie en die gegewens word dan ook ten opsigte van hierdie aspek met dié voorbehoud verstrek.

Die redes wat die proefpersone vir hulle gewoonte om drank te gebruik,aangevoer het, is in die volgende saamgevat, naamlik: fisiologiese, tradisionele, psigologiese en „ander" redes. Onder fisiologiese redes is antwoorde soos byvoorbeeld „omdat dit eetlus wek", „omdat dit dors les" en so meer saamgevat. Die psigologiese redes behels antwoorde met dié strekking en sluit onder meer antwoorde in soos: „om van bekommernis ontslae te raak", „om vrolik te word" en so meer. Sosiale redes het antwoorde soos: „om gesellig saam met vriende te wees", en „om lekker te gesels", ingesluit. Die tradisionele redes het op antwoorde soos „omdat dit gebruiklik is by geleenthede soos bruilofte, verjaarsdae, Kersfees, ens.," en „omdat dit 'n gebruik of tradisie is", berus. Alle ander redes wat verstrek is en nie onder enigeen van die genoemde hoofde ingedeel kon word nie, is as „ander redes" geklassifiseer. Dit spreek egter duidelik dat by die klassifikasie van die redes daar geensins van 'n waterdigte indeling sprake kan wees nie. Die indeling wat gemaak word, is dus slegs 'n benaderde aanduiding van die drinkmotiewe van die ondersoekgroep.

In hierdie hoofstuk word die proefpersoon se drinkmotief volgens hierdie breë indeling met verskeie maatskaplike faktore in verband gebring. Slegs die gegewens wat op die 342 proefpersone wat drank gebruik, betrekking het, word hier bespreek.

## 5.2 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS GESLAG

In tabel 5.1 word aangedui in hoeverre die twee geslagte dieselfde of verskillende motiewe vir hulle drankgebruik aanvoer.

TABEL 5.1

DRINKMOTIEF VOLGENS GESLAG

| Drinkmotief | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 65 | 30.2 | 30 | 23.6 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 26 | 12.1 | 62 | 48.6 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 36 | 16.7 | 16 | 12.6 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 75 | 34.9 | 15 | 11.8 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 13 | 6.0 | 4 | 3.1 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 215 | 100.0 | 127 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 58.4074$ ; $p < 0.1\%$

Uit tabel 5.1 blyk dit dat fisiologiese redes (27.8%), sosiale redes (26.3%) en tradisionele redes (25.7%), in hierdie volgorde deur die totale groep aangevoer word.

Die mans se belangrikste rede vir drankgebruik is sosiale redes (34.9%), terwyl tradisionele redes (48.6%) by die vroue voorrang geniet. 'n Moontlike verklaring vir die redes waarom die vroue die tradisionele redes só beklemtoon, mag toegeskryf word aan die feit dat vroue oor die algemeen veel minder as die mans drink. (Kyk na tabel 3.1.) Die kere wanneer hulle wel drink, is dikwels wanneer dit by 'n besondere geleentheid gebruiklik is om drank te gebruik. Die relatiewe bydrae van hierdie faktor sal dus groot wees.

## 5.3 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS OUDERDOM

In tabel 5.2 word die drinkmotief met die ouderdomme van die proefpersone in verband gebring.

TABEL 5.2

DRINKMOTIEF VOLGENS OUDERDOM

| Drinkmotief | 30 jaar en jonger | | 31-40 jaar | | 41-50 jaar | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 26 | 23.0 | 33 | 26.4 | 21 | 34.4 | 15 | 34.9 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 38 | 33.6 | 26 | 20.8 | 13 | 21.3 | 11 | 25.6 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 17 | 15.0 | 25 | 20.0 | 4 | 6.6 | 6 | 13.9 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 30 | 26.5 | 31 | 24.8 | 20 | 32.8 | 9 | 20.9 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 2 | 1.8 | 10 | 8.0 | 3 | 4.9 | 2 | 4.7 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 113 | 100.0 | 125 | 100.0 | 61 | 100.0 | 43 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 23.5428$ ; $5\% > p > 2\%$

Blykens die verkreë chi-kwadraatwaarde is daar wel duidende statistiese verskille tussen die ouderdomsgroepe onderling. 'n Ontleding van die gegewens in tabel 5.2 toon onder meer aan dat die persentasie persone wat fisiologiese redes vir hulle drinkgewoonte aanvoer, toeneem namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is (vanaf 23.0% by die jongste ouderdomsgroep na 34.9% by die oudste ouderdomsgroep).

5.4 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS HUISTAAL

Die gegewens in tabel 5.3 het op die drinkmotiewe, soos dit by die twee taalgroepe voorkom, betrekking.

TABEL 5.3

DRINKMOTIEF VOLGENS HUISTAAL

| Drinkmotief | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 81 | 30.4 | 14 | 18.4 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 63 | 23.7 | 25 | 32.9 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 37 | 13.9 | 15 | 19.7 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 73 | 27.4 | 17 | 22.4 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 12 | 4.5 | 5 | 6.6 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 266 | 100.0 | 76 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 7.4350$ ; $20\% > p > 10\%$

Blykens die gegewens in tabel 5.3 het die grootste enkele persentasie (30.4%) van die Afrikaanssprekendes fisiologiese redes beklemtoon, terwyl die grootste enkele persentasie (32.9%) van die Engelssprekendes tradisionele redes eerste gestel het.

5.5 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die verband tussen huwelikstaat en drinkmotief word in tabel 5.4 aangedui.

TABEL 5.4

DRINKMOTIEF VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Drinkmotief | Binne huweliksverband | | Buite huweliksverband | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 77 | 30.6 | 18 | 20.0 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 60 | 23.8 | 28 | 31.1 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 39 | 15.5 | 13 | 14.4 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 63 | 25.0 | 27 | 30.0 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 13 | 5.2 | 4 | 4.4 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 252 | 100.0 | 90 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 4.7782$ ; $50\% > p > 30\%$

Volgens die gegewens in tabel 5.4 het die grootste enkele persentasie, naamlik 30.6 persent van die persone wat binne huweliksverband gelewe het, fisiologiese redes aangevoer vir hulle drankgebruik. Die drinkmotief wat die meeste by die groep wat buite huweliksverband lewe voorkom, is tradisionele redes (31.1%). Die verskille tussen die twee groepe is egter te gering vir enige uitgebreide bespreking.

## 5.6 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS WOONPLEK

Die redes vir drankgebruik en die woonplekke van die gebruikers word in tabel 5.5 aangedui.

TABEL 5.5

DRINKMOTIEF VOLGENS WOONPLEK

| Drinkmotief | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 67 | 23.8 | 28 | 46.7 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 78 | 27.7 | 10 | 16.7 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 48 | 17.0 | 4 | 6.7 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 77 | 27.3 | 13 | 21.7 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 12 | 4.2 | 5 | 8.3 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 282 | 100.0 | 60 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 17.4109$ ; $p < 0.1\%$

Die gegewens in tabel 5.5 dui daarop dat die grootste enkele persentasie van die stedelike groep, naamlik 27.7 persent om tradisionele redes drank gebruik, terwyl die grootste enkele persentasie proefpersone in landelike gebiede fisiologiese redes aangevoer het (46.7%). Soos reeds in afdeling 5.4 aangetoon is, het die Afrikaanssprekende Kleurlinge fisiologiese redes bo-aan hulle lys van redes geplaas en dit mag met betrekking tot die landelike groep met redelike veiligheid aanvaar word dat daar meer Afrikaans- as Engelssprekendes aangetref sal word. Soos in die volgende afdeling aangetoon sal word, speel fisiologiese motiewe 'n belangrike rol by diegene met 'n relatief lae onderwyspeil en dit kan verwag word dat die landelike Kleurlinge oor die algemeen ten opsigte van onderwyspeil ongunstig met die stedelinge vergelyk.

## 5.7 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die drinkmotief en die proefpersone se onderwyspeil word in tabel 5.6 aangedui.

TABEL 5.6

DRINKMOTIEF VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Drinkmotief | Nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag nie | | Laerskool-kwalifikasies | | Hoër kwalifikasies as laerskool | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 21 | 60.0 | 60 | 29.4 | 14 | 13.6 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 5 | 14.3 | 57 | 27.9 | 26 | 25.2 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 2 | 5.7 | 30 | 14.7 | 20 | 19.4 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 5 | 14.3 | 48 | 23.5 | 37 | 35.9 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 2 | 5.7 | 9 | 4.4 | 6 | 5.8 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 35 | 100.0 | 204 | 100.0 | 103 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 32.6837$ ; $p < 0.1\%$

Die gegewens in tabel 5.6 dui daarop dat namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep toeneem, daar 'n daling te bespeur is wat betref die voorkoms van fisiologiese redes (vanaf 60.0% by laagste, na 29.4% by die middelste en 13.6% by die hoogste onderwyspeilgroepe onderskeidelik). Die teenoorgestelde tendens word waargeneem as die psigologiese en sosiale redes nagegaan word. Hier is daar weer 'n styging te bespeur, want namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër word, is daar 'n toename in die persentasie proefpersone wat die psigologiese en sosiale redes aanvoer. Psigologiese redes neem vanaf 5.7 persent by die laagste na 14.7 persent by die middelste tot 19.4 persent by die hoogste onderwyspeilgroep toe, terwyl die persentasies in die drie onderwyspeilgroepe met betrekking tot die sosiale redes 14.3 persent, 23.5 persent en 35.9 persent onderskeidelik is.

## 5.8 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS BEROEP

Die drinkmotief van die proefpersone word volgens hulle beroepe in tabel 5.7 getabuleer.

TABEL 5.7

DRINKMOTIEF VOLGENS BEROEP

| Drinkmotief | Ongeskooldes | | Geskooldes, veiligheidsdienste privaatonder-nemings | | Huisvroue en nie-ekonomies be-drywige persone | | Professionele, tegniese en verwante beroepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 62 | 32.8 | 10 | 24.4 | 17 | 25.4 | 6 | 13.3 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 41 | 21.7 | 2 | 4.9 | 32 | 47.8 | 13 | 28.9 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 24 | 12.7 | 10 | 24.4 | 10 | 14.9 | 8 | 17.8 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 51 | 27.0 | 16 | 39.0 | 6 | 9.0 | 17 | 37.8 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 11 | 5.8 | 3 | 7.3 | 2 | 3.0 | 1 | 2.2 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 189 | 100.0 | 41 | 100.0 | 67 | 100.0 | 45 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 44.0004$ ; $p < 0.1\%$

Uit tabel 5.7 blyk dit dat die ongeskooldes fisiologiese redes eerste stel (32.8%). Die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings, sowel as die beroepsgroep professionele, tegniese en verwante beroepe, laat val weer die meeste klem op sosiale redes (39.0% en 37.8% onderskeidelik). By die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone word veral die tradisionele redes voorgehou (47.8%). Soos wat dit ook uit die verband tussen onderwyspeil en drinkmotief geblyk het, wil dit voorkom asof die minder ontwikkelde Kleurling, byvoorbeeld die ongeskooldes, meer persone insluit wat vir die fisiese genot drank gebruik, terwyl die meer ontwikkelde groep eerder om sosiale en psigologiese redes drank gebruik.

## 5.9 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS WEEKLIKSE INKOMSTE

Die weeklikse huishoudelike inkomste van die proefpersone word in tabel 5.8 met die redes vir hulle drankgebruik in verband gebring.

TABEL 5.8

DRINKMOTIEF VOLGENS INKOMSTE

| Drinkmotief | Weeklikse inkomste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tot R14.99 | | R15.00 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 67 | 36.2 | 28 | 17.8 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 47 | 25.4 | 41 | 26.1 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 21 | 11.4 | 31 | 19.7 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 38 | 20.5 | 52 | 33.1 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 12 | 6.5 | 5 | 3.2 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 185 | 100.0 | 157 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 21.2524$ ; $p < 0.1\%$

Dit val op dat fisiologiese redes by die laer inkomstegroep (weeklikse inkomste minder as R15) 'n belangriker rol (36.2%) speel as by die hoër inkomstegroep (weeklikse inkomste R15 of meer) (17.8%). Die teenoorgestelde geld vir psigologiese en sosiale redes. Hierdie tendense kom ooreen met dié wat reeds ten opsigte van onderwyspeil en beroep gevind is.

## 5.10 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF PER WEEK GEBRUIK

In tabel 5.9 word die redes vir drankgebruik aangetoon en met die geldwaarde van die drank wat die proefpersoon self per week gebruik, in verband gebring.

TABEL 5.9

DRINKMOTIEF VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF GEBRUIK HET

| Drinkmotief | Tot 99c per week | | R1.00 en meer per week | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 73 | 33.5 | 22 | 17.7 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 77 | 35.3 | 11 | 8.9 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 23 | 10.6 | 29 | 23.4 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 36 | 16.5 | 54 | 43.5 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 9 | 4.1 | 8 | 6.5 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 218 | 100.0 | 124 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 59.9198$ ; $p < 0.1\%$

Uit tabel 5.9 blyk dit dat die proefpersone wat tot 99 sent per week se drank gebruik, fisiologiese en tradisionele redes vooropstel (33.5% en 35.3% onderskeidelik), terwyl diegene wat onder die R1.00-en-meer-per-week-groep ressorteer, weer die sosiale en psigologiese redes beklemtoon (43.5% en 23.4% onderskeidelik). Namate die waarde van die drank wat die persoon self per week gebruik, styg, neem die rol van sosiale en psigologiese redes toe, terwyl die fisiologiese en tradisionele redes afneem. Met ander woorde, die swaar drinker of die persoon wat die duurder dranksoorte gebruik, drink meer dikwels om sosiale en psigologiese redes as die ligte drinker of die drinker van goedkoper dranksoorte.

## 5.11 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS DIE GETAL DRANKIES WAT DIE PROEFPERSOON DIE AFGELOPE SEWE DAE GEBRUIK HET

In tabel 5.10 word die drinkmotief ontleed volgens die getal drankies wat die proefpersoon gedurende die sewe dae wat die ondersoek onmiddellik voorafgegaan het, gebruik het.

TABEL 5.10

DRINKMOTIEF VOLGENS DIE GETAL DRANKIES WAT DIE AFGELOPE SEWE DAE GEBRUIK IS

| Drinkmotief | Geen | | 1 - 3 | | 4- 12 | | 13 of meer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 9 | 10.1 | 24 | 49.0 | 37 | 39.8 | 25 | 22.5 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 68 | 76.4 | 6 | 12.2 | 6 | 6.5 | 8 | 7.2 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 4 | 4.5 | 7 | 14.3 | 15 | 16.1 | 26 | 23.4 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 8 | 9.0 | 10 | 20.4 | 26 | 28.0 | 46 | 41.4 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | - | - | 2 | 4.1 | 9 | 9.7 | 6 | 5.4 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 89 | 100.0 | 49 | 100.0 | 93 | 100.0 | 111 | 100.0 | 342 | 100.0 |

Soos dit blyk uit die gegewens in tabel 5.10, styg sowel die persentasie

persone wat psigologiese redes aanvoer, as die persentasie persone wat sosiale redes aanvoer namate die getal drankies wat die afgelope sewe dae gebruik is, styg. In aansluiting by wat onder die vorige afdeling gesê is, kan dus afgelei word dat die swaar drinker meer dikwels as die ligte drinker om sosiale en psigologiese redes drank gebruik.

## 5.12 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS GELETTERDHEID

In tabel 5.11 word die alfabete en die analfabete se drinkmotiewe ontleed.

TABEL 5.11

DRINKMOTIEF VOLGENS GELETTERDHEID

| Drinkmotief | Alfabete | | Analfabete | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Fisiologiese redes | 69 | 23.1 | 26 | 59.1 | 95 | 27.8 |
| Tradisionele redes | 82 | 27.5 | 6 | 13.6 | 88 | 25.7 |
| Psigologiese redes | 49 | 16.4 | 3 | 6.8 | 52 | 15.2 |
| Sosiale redes | 84 | 28.2 | 6 | 13.6 | 90 | 26.3 |
| Ander redes | 14 | 4.7 | 3 | 6.8 | 17 | 5.0 |
| TOTAAL | 298 | 100.0 | 44 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 26.4624$ ; $p < 0.1\%$

As drinkmotief, wat volgens tabel 5.11, by die alfabete die grootste persentuele bydrae gelewer het, is sosiale redes (28.2%) gevolg deur tradisionele redes (27.5%) aangedui. Die analfabete beklemtoon veral die fisiologiese redes (59.1%). Blykens die gegewens wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk bespreek is, het die proefpersone wat nooit skool gegaan of geen standerd geslaag het nie (afdeling 5.7), diegene wat as ongeskooldes geklassifiseer is (afdeling 5.8), sowel as gebruikers wat minder as R15.00 per week inkomste gehad het (afdeling 5.9), die fisiologiese redes eerste geplaas. Dit lyk aanneemlik om onder meer die afleiding te maak dat die minder ontwikkelde, minder gegoede Kleurling fisiologiese redes vir drankgebruik eerste stel, terwyl psigologiese en sosiale redes by die meer gegoede en ontwikkelde groep 'n belangriker rol speel.

## 5.13 SAMEVATTING

5.13.1 Die grootste enkele persentasie vroue in die steekproef drink om tradisionele redes en die grootste enkele persentasie mans drink om sosiale redes.

5.13.2 Die gebruikers wat om fisiologiese redes alkoholiese drank gebruik neem persentueel toe namate die ouderdom van die ouderdomsgroepe hoër is.

5.13.3 Die grootste enkele persentasie Afrikaanssprekendes drink om fisiologiese redes, terwyl die grootste enkele persentasie Engelssprekendes tradisionele redes aanvoer.

5.13.4 Die grootste enkele persentasie van die proefpersone wat binne huweliksverband lewe, het fisiologiese redes en diegene wat buite huweliksverband lewe, tradisionele redes vir hulle drankgebruik aangevoer.

5.13.5 Ses-en-veertig punt sewe persent plattelanders drink om fisiologiese redes, terwyl 23.8 persent stedelinge hierdie drinkmotief aandui.

5.13.6 Die laagste en die middelste onderwyspeilgroepe beklemtoon persentueel die fisiologiese redes die sterkste, terwyl die grootste enkele persentasie proefpersone in die hoogste onderwyspeilgroep om sosiale redes drank nuttig.

5.13.7 Die grootste enkele persentasie ongeskooldes drink om fisiologiese redes, terwyl die grootste enkele persentasies proefpersone in die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste, privaatondernemings en in die beroepsgroep professionele, tegniese en verwante beroepe, sosiale redes aanvoer. Die tradisionele redes het persentueel die meeste tot die huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone se drankgebruik bygedra.

5.13.8 Die grootste enkele persentasie proefpersone in die laagste inkomstegroep, drink om fisiologiese redes, terwyl die grootste enkele persentasie in die hoër inkomstegroep, persentsgewys, voorrang aan die sosiale redes verleen.

5.13.9 Namate die waarde van die drank wat die persoon self per week gebruik, styg, neem die sosiale, psigologiese en ander redes toe, terwyl die fisiologiese en tradisionele redes afneem.

5.13.10 Die persentasie proefpersone wat psigologiese redes aanvoer, sowel as die persentasie proefpersone wat sosiale redes aanvoer, styg namate die getal drankies wat die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, gebruik is.

5.13.11 Die grootste enkele persentasie alfabete voer sosiale redes vir hulle drankgebruik aan, terwyl die grootste enkele persentasie analfabete die fisiologiese redes beklemtoon.

## HOOFSTUK 6

## DRANKVOORKEUR

### 6.1 INLEIDING

Met 'n persoon se drankvoorkeur of drankkeuse word in hierdie ondersoek daardie dranksoort wat hy/sy gewoonlik die meeste drink, bedoel. Die voorkeur wat mense aan sekere dranksoorte gee, vorm 'n belangrike onderdeel van hulle drinkpatroon. Aan hierdie faset van die drinkpatroon word in die onderhawige hoofstuk aandag geskenk.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word alle dranksoorte in die groepe wyn, spiritualieë, bier en Bantoedrank ingedeel.

### 6.2 DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG

Soos dit reeds uit die vorige hoofstukke geblyk het, het 342 van die 500 proefpersone wel drank gebruik. In tabel 6.1 word die drankvoorkeur van hierdie groep volgens die geslag aangetoon.

TABEL 6.1

DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG

| Drankvoorkeur | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 48 | 22.3 | 43 | 33.9 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 92 | 42.8 | 35 | 27.6 | 127 | 37.1 |
| Bier | 36 | 16.7 | 24 | 18.9 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 39 | 18.2 | 25 | 19.7 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 215 | 100.0 | 127 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 9.2913$ ; $5\% > p > 2\%$

Die drankvoorkeurorde van die ondersoekgroep is blykens die gegewens in tabel 6.1 spiritualieë (37.1%), wyn (26.6%), Bantoedrank (18.7%) en bier (17.5%). Die voorkeurorde van die mans is persentsgewys spiritualieë, wyn, Bantoedrank en bier, terwyl die voorkeurorde by die vroue,wyn, spiritualieë, Bantoedrank en bier is.

### 6.3 DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM

In tabel 6.2 word drankvoorkeur met ouderdom in verband gebring.

Blykens die gegewens in tabel 6.2 is daar weinig verskil in die drankvoorkeur van die verskillende ouderdomsgroepe.

TABEL 6.2

DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM

| Drankvoorkeur | 30 jaar en jonger | | 31- 40 jaar | | 41 - 50 jaar | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 37 | 32.7 | 30 | 24.0 | 12 | 19.7 | 12 | 27.9 | 91 | 26.5 |
| Spiritualieë | 40 | 35.4 | 48 | 38.4 | 24 | 39.3 | 15 | 34.9 | 127 | 37.1 |
| Bier | 20 | 17.7 | 22 | 17.6 | 12 | 19.7 | 6 | 14.0 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 16 | 14.2 | 25 | 20.0 | 13 | 21.3 | 10 | 23.3 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 113 | 100.0 | 125 | 100.0 | 61 | 100.0 | 43 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 5.8643$ ; $80\% > p > 70\%$

6.4 DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL

Gegewens ten opsigte van die proefpersone se drankvoorkeur en hulle huistaal word in tabel 6.3 getabuleer.

TABEL 6.3

DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL

| Drankvoorkeur | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 68 | 25.6 | 23 | 30.3 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 91 | 34.2 | 36 | 47.4 | 127 | 37.1 |
| Bier | 45 | 16.9 | 15 | 19.7 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 62 | 23.3 | 2 | 2.6 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 266 | 100.0 | 76 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 17.0204$ ; $p < 0.1\%$

Uit bostaande gegewens blyk dit dat 'n ietwat groter persentasie van die Engelssprekendes spiritualieë, wyn en bier verkies as wat die geval by die Afrikaanssprekendes is. Wat die drie Blanke dranksoorte betref, bly die volgorde van voorkeur by die twee huistaalgroepe egter dieselfde. Vir Bantoebier geld egter die teenoorgestelde want veel meer Afrikaans- as Engelssprekendes verkies hierdie dranksoort. Die verskil in voorkeur aan Bantoebier hou waarskynlik verband met die verskil in geografiese verspreiding van die twee huistaalgroepe.

6.5 DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK

Die landelik-stedelike herkoms van die ondersoekgroep word in tabel 6.4 met hulle drankvoorkeur in verband gebring.

TABEL 6.4

DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK

| Drankvoorkeur | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 76 | 26.9 | 15 | 25.0 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 112 | 39.7 | 15 | 25.0 | 127 | 37.1 |
| Bier | 58 | 20.6 | 2 | 3.3 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 36 | 12.8 | 28 | 46.7 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 282 | 100.0 | 60 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 41.7148$ ; $p < 0.1\%$

Die grootste enkele persentasie (39.7%) van die stedelike groep verkies spiritualieë terwyl die grootste enkele persentasie van die landelike groep (46.7%) Bantoedrank verkies. Verder is dit opvallend dat Blankebier deur slegs 'n klein

persentasie, naamlik 3.3 persent, van die landelike groep verkies word teenoor 20.6 persent van die stedelike groep.

## 6.6 DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die proefpersone se drankvoorkeur word in tabel 6.5 volgens hulle onderwyspeil ontleed.

TABEL 6.5

DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Drankvoorkeur | Nooit skool gegaan of geen standerd geslaag nie | | Laerskool-kwalifikasies | | Hoër kwalifikasies as laerskool | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 7 | 20.0 | 66 | 32.4 | 18 | 17.5 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 5 | 14.3 | 65 | 31.9 | 57 | 55.3 | 127 | 37.1 |
| Bier | 1 | 2.9 | 32 | 15.7 | 27 | 26.2 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 22 | 62.9 | 41 | 20.1 | 1 | 1.0 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 35 | 100.0 | 204 | 100.0 | 103 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 80.6053$ ; $p < 0.1\%$

Die laagste onderwyspeilgroep het blykens die gegewens in tabel 6.5, 62.9 persent proefpersone ingesluit wat voorkeur aan Bantoedrank gegee het. By elke hoër onderwyspeilgroep daal die ooreenstemmende persentasies egter baie vinnig tot 1.0 persent by diegene in die hoogste onderwyspeilgroep. Die persone wat in die laagste onderwyspeilgroep val, is waarskynlik ook diegene wat oor die geringste inkomste beskik en dus verplig is om die goedkoopste dranksoorte te nuttig. Die klein getalle by hierdie kategorie maak klinkklare gevolgtrekkings in hierdie geval egter onmoontlik. Verder is die volgende tendense in tabel 6.5 waar te neem, naamlik namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep styg, is daar 'n toename in die persentasie persone wat aan spiritualieë en bier voorkeur gee; albei dranksoorte wat in die duurder prysgroepe geklassifiseer kan word. Die hoër onderwyspeil stel die persoon waarskynlik in staat om daardie beroepe te beoefen wat ook beter besoldiging aan die bekleër besorg en sodoende het hy waarskynlik 'n inkomste wat hom in staat stel om die duurder dranksoorte te bekostig.

## 6.7 DRANKVOORKEUR VOLGENS DIE AANTAL JARE OP SKOOL

Drankvoorkeur volgens die aantal jare op skool deurgebring, word in tabel 6.6 getabuleer.

TABEL 6.6

DRANKVOORKEUR VOLGENS DIE AANTAL JARE OP SKOOL

| Drankvoorkeur | Minder as 4 jaar | | 5-6 jaar | | 7-10 jaar | | 11 jaar en langer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 9 | 15.5 | 18 | 36.7 | 60 | 31.1 | 4 | 9.5 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 11 | 19.0 | 11 | 22.4 | 81 | 42.0 | 24 | 57.1 | 127 | 37.1 |
| Bier | 5 | 8.6 | 4 | 8.2 | 37 | 19.2 | 14 | 33.3 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 33 | 56.9 | 16 | 32.7 | 15 | 7.8 | - | - | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 58 | 100.0 | 49 | 100.0 | 193 | 100.0 | 42 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 106.2076$ ; $p < 0.1\%$

Die gegewens in tabel 6.6 dui daarop dat die gebruik van spiritualieë toeneem namate die aantal jare wat die proefpersone op skool was, toeneem, naamlik vanaf 19.0 persent by diegene wat minder as vier jaar skoolgegaan het, tot 57.1 persent by daardie groep wat elf jaar of langer op skool was. In die geval van Bantoedrank blyk dit weer dat namate die getal jare op skool toeneem, die gebruik van hierdie dranksoort afneem, en wel vanaf 56.9 persent na 0.0 persent by diegene wat onderskeidelik minder as vier jaar en elf jaar of langer op skool was. Die voorgemelde tendens hang waarskynlik, soos reeds onder die vorige afdeling bespreek, saam met die moontlikheid dat diegene wat 'n hoërskoolopleiding geniet het, waarskynlik meer verdien en dus eerder as die laagbesoldigdes, die duurder dranksoorte kan bekostig. Dit mag ook wees dat diegene met die hoër opleiding op die gebruik van Bantoedrank neersien en dit as statusgewend beskou om die duurder dranksoort te gebruik. Die verskil in geografiese verspreiding van die verskillende onderwyspeilgroepe mag ook in hierdie verband 'n bydraende faktor wees.

## 6.8 DRANKVOORKEUR VOLGENS GELETTERDHEID

Die ondersoekgroep se drankvoorkeur word in tabel 6.7 met hulle lees- en skryfkennis in verband gebring.

TABEL 6.7

DRANKVOORKEUR VOLGENS GELETTERDHEID

| Drankvoorkeur | Alfabete | | Analfabete | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 83 | 27.9 | 8 | 18.2 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 122 | 40.9 | 5 | 11.4 | 127 | 37.1 |
| Bier | 57 | 19.1 | 3 | 6.8 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 36 | 12.1 | 28 | 63.7 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 298 | 100.0 | 44 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 68.1456$ ; $p < 0.1\%$

Die gegewens wat in tabel 6.7 getabuleer is, dui daarop dat die grootste enkele persentasie (40.9%) van die alfabete spiritualieë verkies, terwyl die grootste persentasie (63.7%) analfabete Bantoedrank eerste plaas. As gevolg van die klein selfrekwensies in die geval van die analfabete, is dit wenslik om nie té veel waarde te heg aan die waargenome tendens nie, maar waarskynlik is dit, soos voorheen op gewys, die relatief laer inkomste van die laasgenoemde groep wat vir die waargenome tendens verantwoordelik is.

## 6.9 DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEP

Die drankvoorkeur van die proefpersone word in tabel 6.8 met hulle beroepe in verband gebring.

TABEL 6.8

DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEP

| Drankvoorkeur | Ongeskooldes | | Geskooldes, veiligheidsdienste, privaatondernemings | | Huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone | | Professionele, tegniese en verwante beroepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 54 | 28.6 | 9 | 22.0 | 24 | 35.8 | 4 | 8.9 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 67 | 35.4 | 20 | 48.8 | 13 | 19.4 | 27 | 60.0 | 127 | 37.1 |
| Bier | 26 | 13.8 | 6 | 14.6 | 15 | 22.4 | 13 | 28.9 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 42 | 22.2 | 6 | 14.6 | 15 | 22.4 | 1 | 2.2 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 189 | 100.0 | 41 | 100.0 | 67 | 100.0 | 45 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 36.1800$ ; $p < 0.1\%$

Volgens die gegewens in tabel 6.8 verkies die grootste enkele persentasie in elkeen van die beroepsgroepe, behalwe die groep wat uit huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone bestaan, spirtualieë, Dit val verder op dat hierdie persentasie by die ongeskooldes (35.4%) egter veel kleiner is as by die geskoolde werkers en persone wat 'n private onderneming besit (48.8%), terwyl die grootste persentasie (60.0%) by die persone in professionele en tegniese beroepe voorkom.

Waarskynlik is dit weer die groter inkomste by die hoër beroepsgroepe, soos byvoorbeeld by persone in die professionele en tegniese beroepe, wat hulle in staat stel om die duurder dranksoorte soos spiritualieë te gebruik. Die gebruik van hierdie dranksoorte mag ook as statusgewend beskou word.

## 6.10 DRANKVOORKEUR VOLGENS INKOMSTE

In tabel 6.9 word die proefpersone se drankvoorkeur met die totale netto inkomste van sy huishouding in verband gebring.



36395

TABEL 6.9

DRANKVOORKEUR VOLGENS INKOMSTE

| Drankvoorkeur | Weeklikse inkomste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tot R14.99 | | R15 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Wyn | 64 | 34.6 | 27 | 17.2 | 91 | 26.6 |
| Spiritualieë | 38 | 20.5 | 89 | 56.7 | 127 | 37.1 |
| Bier | 24 | 13.0 | 36 | 22.9 | 60 | 17.5 |
| Bantoedrank | 59 | 31.9 | 5 | 3.2 | 64 | 18.7 |
| TOTAAL | 185 | 100.0 | 157 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 81.7418$ ; $p < 0.1\%$

Die vermoede dat die verband tussen drankvoorkeur en beroep waarskynlik tot 'n verband tussen inkomste en drankvoorkeur teruggevoer kan word, word bevestig deur die gegewens in tabel 6.9 want meer as die helfte (56.7%) van diegene met 'n weeklikse inkomste van R15.00 en meer verkies spiritualieë teenoor ongeveer 'n vyfde (20.5%) van diegene wat minder as die voorgemelde bedrag per week verdien. Die teenoorgestelde tendens kom ten opsigte van Bantoebier, die goedkoopste dranksoort voor waar die persentasies vir diegene wat R15.00 en meer en diegene wat minder as R15.00 verdien, respektiewelik op 3.2 persent en 31.9 persent te staan kom.

## 6.11 SAMEVATTING

6.11.1 Meer as een derde van die drankgebruikers in die ondersoekgroep gee voorkeur aan spiritualieë.

6.11.2 Die grootste enkele persentasie mans gee voorkeur aan spiritualieë, terwyl die grootste enkele persentasie vroue se eerste keuse wyn is.

6.11.3 Die drankvoorkeur van die verskillende ouderdomsgroepe verskil onderling nie baie van mekaar nie.

6.11.4 Albei die taalgroepe gee voorkeur aan spiritualieë bo ander dranksoorte.

6.11.5 Die grootste enkele persentasie van die stedelinge gee voorkeur aan spiritualieë, terwyl die grootste persentasie van die plattelanders voorkeur gee aan Bantoedrank.

6.11.6 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, styg die persentasie persone wat voorkeur gee aan spiritualieë en bier, en daal die persentasie wat voorkeur aan Bantoedrank gee.

6.11.7 Namate die aantal jare wat die proefpersone skoolgegaan het toeneem, styg die persentasie proefpersone wat aan spiritualieë voorkeur gee, terwyl die persentasie proefpersone wat Bantoedrank drink, daal.

6.11.8 Die grootste persentasie van die alfabete gee voorkeur aan spiritualieë, terwyl die grootste persentasie van die analfabete Bantoedrank verkies.

6.11.9 Die grootste persentasie ongeskooldes, die grootste persentasie proefpersone

wat in die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings val, sowel as die grootste persentasie persone in die beroepsgroep professionele, tegniese en verwante beroepe, se drankvoorkeur is spiritualieë. Die persentasie by die ongeskooldes is egter veel kleiner as by die ander twee beroepsgroepe. Die grootste enkele persentasie van die huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone verkies wyn.

6.11.10 Namate die inkomste van die huishouding waartoe die proefpersoon behoort hoër is, styg die persentasie persone wat aan spiritualieë en bier voorkeur gee.

# HOOFSTUK 7

# DIE DRINKFREKWENSIE

## 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die drinkfrekwensie, dit wil sê, hoe dikwels 'n persoon drank gebruik, bespreek. Ten einde gegewens oor die drinkfrekwensie te bekom, is vasgestel hoe dikwels die proefpersoon gewoonlik drank gebruik. Twee kategorieë drinkers word onderskei, naamlik gereelde drinkers, dit is diegene wat gemiddeld een of meer keer per week drank gebruik en ongereelde drinkers, dit is daardie persone wat minder as een keer per week drank gebruik.

## 7.2 DRINKFREKWENSIE VOLGENS GESLAG

In tabel 7.1 word die drinkfrekwensie volgens geslag getabuleer.

TABEL 7.1

DRINKFREKWENSIE VOLGENS GESLAG

| Drinkfrekwensie | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 167 | 77.7 | 50 | 39.4 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 48 | 22.3 | 77 | 60.6 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 215 | 100.0 | 127 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 50.9031$ ; $p < 0.1\%$

Drie-en-sestig punt vyf persent van die proefpersone is gereelde drinkers, terwyl die res (36.5%) as ongereelde drinkers geklassifiseer is. Meer as driekwart van die mans is gereelde drinkers, terwyl 39.4 persent van die vroue gereeld drink.

## 7.3 DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM

Die drinkfrekwensie volgens die ouderdomme van die proefpersone word in tabel 7.2 weergegee.

TABEL 7.2

DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM

| Drinkfrekwensie | 30 jaar en jonger | | 31 - 40 jaar | | 41 - 50 jaar | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 62 | 54.9 | 86 | 68.8 | 40 | 65.6 | 29 | 67.4 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 51 | 45.1 | 39 | 31.2 | 21 | 34.4 | 14 | 32.6 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 113 | 100.0 | 125 | 100.0 | 61 | 100.0 | 43 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 5.5457$ ; $20\% > p > 10\%$

Uit die gegewens in tabel 7.2 is geen duidelike tendens waar te neem nie. Meer

as die helfte (54.9%) van die proefpersone in die jongste ouderdomsgroep, 30 jaar en jonger, drink gereeld, terwyl meer as sestig persent van die proefpersone in elk van die drie hoër ouderdomsgroepe gereeld drink.

7.4 DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISTAAL

In die onderstaande tabel word die drinkfrekwensie en die huistaal van die ondersoekgroep met mekaar in verband gebring.

TABEL 7.3

DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISTAAL

| Drinkfrekwensie | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 178 | 66.9 | 39 | 51.3 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 88 | 33.1 | 37 | 48.7 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 266 | 100.0 | 76 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 6.2042$ ; $2\% > p > 1\%$

Die Afrikaanssprekende groep het 66.9 persent en die Engelssprekende groep 51.3 persent gereelde drinkers ingesluit. Dit beteken dus dat die Afrikaanssprekendes 'n effens swaarder drinkfrekwensie openbaar as die Engelssprekendes.

7.5 DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT

In tabel 7.4 word die drinkfrekwensie en die huwelikstaat met mekaar in verband gebring.

TABEL 7.4

DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Drinkfrekwensie | Binne huweliks-verband | | Buite huweliks-verband | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 166 | 65.9 | 51 | 56.7 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 86 | 34.1 | 39 | 43.3 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 252 | 100.0 | 90 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 1.3676$ ; $30\% > p > 20\%$

Persone wat binne huweliksverband leef, sluit volgens bostaande tabel meer gereelde drinkers in as wat die geval is by diegene wat buite huweliksverband leef. Die waargenome verskille tussen die twee huwelikstaatgroepe is egter baie klein.

7.6 DRINKFREKWENSIE VOLGENS WOONPLEK

Die drinkfrekwensie word in tabel 7.5 volgens die landelik- stedelike herkoms van die ondersoekgroep ontleed.

TABEL 7.5

DRINKFREKWENSIE VOLGENS WOONPLEK

| Drinkfrekwensie | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 176 | 62.4 | 41 | 68.3 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 106 | 37.6 | 19 | 31.7 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 282 | 100.0 | 60 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 0.7479$ ; $50\% > p > 30\%$

Uit die gegewens blyk dit dat daar nie wesenlike verskille tussen die stedelike en die landelike groepe bestaan indien die drinkfrekwensie met die woonplek in verband gebring word nie.

7.7 DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 7.6 word die drinkfrekwensie en die onderwyspeil getabuleer.

TABEL 7.6

DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Drinkfrekwensie | Nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag nie | | Laerskoolkwalifikasies | | Hoër kwalifikasies as laerskool | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 26 | 74.3 | 129 | 63.2 | 62 | 60.2 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 9 | 25.7 | 75 | 36.8 | 41 | 39.8 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 35 | 100.0 | 204 | 100.0 | 103 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 2.2465$ ; $50\% > p > 30\%$

Ofskoon die verkreë chi-kwadraatwaarde nie-beduidend is, is daar nogtans 'n wetmagtigheid in bostaande gegewens te bespeur, want namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep styg, daal die persentasie proefpersone wat gereeld drink.

7.8 DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP

In tabel 7.7 word die drinkfrekwensie en die beroepe met mekaar in verband gebring.

TABEL 7.7

DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP

| Drinkfrekwensie | Ongeskooldes | | Geskooldes, veiligheidsdienste, privaatondernemings | | Huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone | | Professionele, tegniese en verwante beroepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 135 | 71.4 | 36 | 87.8 | 25 | 37.3 | 21 | 46.7 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 54 | 28.6 | 5 | 12.2 | 42 | 62.7 | 24 | 53.3 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 189 | 100.0 | 41 | 100.0 | 67 | 100.0 | 45 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 40.8757$ ; $p < 0.1\%$

Die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone het 37.3 persent gereelde drinkers ingesluit en die beroepsgroep professionele, tegniese en verwante beroepe 46.7 persent. Hierteenoor was 71.4 persent van die beroepsgroep ongeskooldes en 87.8 persent van die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en eienaars van privaatondernemings gereelde drinkers.

7.9 DRINK FREKWENSIE VOLGENS INKOMSTE

In tabel 7.8 word die drinkfrekwensie en die weeklikse inkomste van die proefpersone saamgevat.

TABEL 7.8

DRINKFREKWENSIE VOLGENS INKOMSTE

| Drinkfrekwensie | Weeklikse inkomste | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tot R14.99 | | R15.00-R29.99 | | R30.00 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 116 | 62.7 | 82 | 63.1 | 19 | 70.4 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 69 | 37.3 | 48 | 36.9 | 8 | 29.6 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 185 | 100.0 | 130 | 100.0 | 27 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 0.6095$ ; $80\% > p > 70\%$

Namate die weeklikse inkomste van die inkomstegroep styg, styg die persentasie proefpersone wat as gereelde drinkers geklassifiseer is. Die verskille is egter veels te klein om enige afleidings te maak.

7.10 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRANKVOORKEUR

In tabel 7.9 word die drinkfrekwensie en die drankvoorkeur getabuleer.

TABEL 7.9

DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRANKVOORKEUR

| Drinkfrekwensie | Wyn | | Spiritualieë | | Bier | | Bantoedrank | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 51 | 56.0 | 85 | 66.9 | 24 | 40.0 | 57 | 89.1 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 40 | 44.0 | 42 | 33.1 | 36 | 60.0 | 7 | 10.9 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 91 | 100.0 | 127 | 100.0 | 60 | 100.0 | 64 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 35.1457$ ; $p < 0.1\%$

Blykens die gegewens in tabel 7.9 is daar statisties waarneembare verskille tussen die gereelde drinkers en die ongereelde drinkers ten opsigte van hulle drankvoorkeur. Die proefpersone wat aan Bantoedrank voorkeur gee, het 89.1 persent gereelde drinkers ingesluit. Proefpersone wat voorkeur gee aan spiritualieë het 66.9 persent, die wat wyn bo-aan hulle voorkeurlys plaas, 56.0 persent, en diegene wat voorkeur aan bier gee, het 40.0 persent gereelde drinkers ingesluit.

7.11 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF GEBRUIK HET

In tabel 7.10 word die drinkfrekwensie met die geldwaarde van die drank wat die proefpersone self per week gebruik, in verband gebring.

TABEL 7.10

DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF GEBRUIK HET

| Drinkfrekwensie | Tot 99c per week | | R1.00 en meer per week | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 103 | 47.2 | 114 | 91.9 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 115 | 52.8 | 10 | 8.1 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 218 | 100.0 | 124 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 68.0628$ ; $p < 0.1\%$

Diegene wat tot 99c per week aan drank bestee, het minder as 50.0 persent gereelde drinkers ingesluit, terwyl die groep proefpersone wat een rand en meer per week bestee, meer as 90.0 persent gereelde drinkers ingesluit het. Daar bestaan dus soos statisties bewys en soos op logiese gronde verwag kan word, 'n verband tussen die drinkfrekwensie en die geldwaarde van die drank wat gemiddeld per week gebruik is.

7.12 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK

In tabel 7.11 word die drinkfrekwensie en die uitgawe wat huishoudings by die aankoop van drank aangaan, getabuleer.

TABEL 7.11

DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK

| Drinkfrekwensie | Tot 99c per week | | R1.00 en meer per week | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Gereelde drinkers | 87 | 45.5 | 130 | 86.1 | 217 | 63.5 |
| Ongereelde drinkers | 104 | 54.5 | 21 | 13.9 | 125 | 36.5 |
| TOTAAL | 191 | 100.0 | 151 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 59.7719$ ; $p < 0.1\%$

Minder as die helfte van die groep wie se huishoudings gemiddeld minder as een rand per week aan alkoholiese drank bestee, is volgens die gestelde kriteria gereelde drinkers, terwyl dit die geval is by meer as vier vyfdes van die groep wat gemiddeld een rand of meer per week aan alkoholiese drank bestee.

7.13 SAMEVATTING

7.13.1 Meer as driekwart van die mans is gereelde drinkers, terwyl minder as 40.0 persent van die vroue gereeld drink.

7.13.2 Daar is geen duidelike tendens waar te neem tussen drinkfrekwensie en ouderdom nie, behalwe dat die heel jongste ouderdomsgroep (30 jaar en jonger) 'n effens kleiner persentasie gereelde drinkers insluit.

7.13.3 Die Afrikaanssprekendes openbaar 'n swaarder drinkfrekwensie as die Engelssprekendes.

7.13.4 Die waargenome verskille tussen die twee huwelikstaatgroepe is klein.

7.13.5 Daar bestaan nie wesenlike verskille tussen die stedelike en landelike groepe indien die drinkfrekwensie met die woonplek in verband gebring word nie.

7.13.6 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep styg, daal die persentasie proefpersone wat gereeld drink in 'n geringe mate.

7.13.7 Meer as 70.0 persent van die beroepsgroep ongeskooldes en die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings was gereelde drinkers.

7.13.8 Die persentasie gereelde drinkers verskil baie min by die verskillende inkomstegroepe.

7.13.9 Die drinkfrekwensie volgens drankvoorkeur toon dat Bantoedrankdrinkers die grootste persentasie gereelde drinkers insluit.

7.13.10 Die ontleding van die drinkfrekwensie volgens die geldwaarde van die drank wat gemiddeld per week gebruik is, bring aan die lig dat die groep wat weekliks 'n geringe bedrag bestee, minder gereelde drinkers insluit as wat die geval by diegene is wat 'n relatief groot bedrag per week aan drank bestee.

7.13.11 Namate die huishoudelike uitgawe aan drank styg, neem die persentasie proefpersone wat gereeld drink, toe.

## HOOFSTUK 8

## DIE PLEK WAAR BLANKEDRANK GEWOONLIK GENUTTIG WORD

### 8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n ontleding gemaak van die plek waar die proefpersone gewoonlik hulle Blankedrank nuttig. Daar word deurgaans slegs twee kategorieë drinkers ten opsigte van die drinkplek onderskei, naamlik diegene wat by hulle eie huise drink en diegene wat op enige ander plek hulle drank nuttig. Vir die doeleindes van die bespreking in hierdie hoofstuk word slegs die proefpersone wat Blankedrank gedrink het, ingesluit, vandaar die nuwe totaal van 223 proefpersone.

### 8.2 DIE DRINKPLEK VOLGENS GESLAG

In tabel 8.1 word die drinkplek volgens die geslag van die betrokke proefpersone ontleed.

TABEL 8.1

DRINKPLEK VOLGENS GESLAG

| Drinkplek | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 120 | 67.4 | 32 | 71.1 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 58 | 32.6 | 13 | 28.9 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 178 | 100.0 | 45 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 0.2258$ ; $70\% > p > 50\%$

Meer as twee derdes (68.2%) van die proefpersone wat Blankedrank genuttig het, het blykens die gegewens in tabel 8.1 dit tuis gedrink. Bykans net soveel mans (67.4%) as vroue (71.1%) het by hulle eie huise gedrink. Die verskille is dus onbeduidend klein.

### 8.3 DIE DRINKPLEK VOLGENS OUDERDOM

In tabel 8.2 word die drinkplek volgens die ouderdomme van die proefpersone getabuleer.

TABEL 8.2

DRINKPLEK VOLGENS OUDERDOM

| Drinkplek | 30 jaar en jonger | | 31 - 40 jaar | | 41 - 50 jaar | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 39 | 56.5 | 61 | 71.8 | 33 | 78.6 | 19 | 70.4 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 30 | 43.5 | 24 | 28.2 | 9 | 21.4 | 8 | 29.6 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 69 | 100.0 | 85 | 100.0 | 42 | 100.0 | 27 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 6.9738$ ; $10\% > p > 5\%$

Blykens die gegewens in tabel 8.2 het 56.5 persent van die ouderdomsgroep 30 jaar en jonger tuis gedrink, terwyl meer as 70.0 persent van elkeen van die ouderdomsgroepe bo 30 jaar tuis gedrink het. Die jongste ouderdomsgroep drink dus veel eerder op ander plekke as die drie ouer ouderdomsgroepe (31 tot 40 jaar, 41 tot 50 jaar en 51 jaar en ouer respektiewelik). Moontlik is die jonger ouderdomsgroep meer dikwels ongetroud en meer uithuisig en vandaar dan die feit dat hulle in verhouding tot die ouer ouderdomsgroepe meer op ander plekke drink as tuis.

## 8.4 DIE DRINKPLEK VOLGENS HUISTAAL

Die drinkplek volgens huistaal word in tabel 8.3 getabuleer.

TABEL 8.3

DRINKPLEK VOLGENS HUISTAAL

| Drinkplek | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 114 | 63.7 | 38 | 86.4 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 65 | 36.3 | 6 | 13.6 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 179 | 100.0 | 44 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 8.3686$ ; $1\% > p > 0.1\%$

Soos hierbo in tabel 8.3 aangetoon, verkies meer Engelssprekendes (86.4%) as Afrikaanssprekendes (63.7%) om hulle drank tuis te nuttig.

## 8.5 DIE DRINKPLEK VOLGENS HUWELIKSTAAT

In tabel 8.4 word die drinkplek volgens die huwelikstaat van die proefpersone ontleed.

TABEL 8.4

DRINKPLEK VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Drinkplek | Binne huweliks-verband | | Buite huweliks-verband | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 120 | 72.7 | 32 | 55.2 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 45 | 27.3 | 26 | 44.8 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 165 | 100.0 | 58 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 6.0939$ ; $2\% > p > 1\%$

Byna driekwart (72.7%) van diegene wat binne huweliksverband leef, gebruik hul drank tuis, terwyl dit by net meer as die helfte (55.2%) van die groep wat buite huweliksverband leef, die geval is. Die rede hiervoor lê waarskynlik daarin dat laasgenoemde groep, in 'n mindere mate as eersgenoemde, wel oor 'n eie huishouding en 'n huis beskik.

Skynbaar is die lewe binne 'n egtelike verband ook 'n teenvoeter teen uithuisigheid. Hierdie bevinding kan ook met die ouderdomsgroepe (afdeling 8.3) in

verband gebring word, aangesien daar aangetoon word dat die jongste ouderdomsgroep in verhouding die meeste op ander plekke hulle Blankedrank nuttig, want dit mag wees dat 'n groot persentasie van die jongste groep nog nie getroud is nie.

8.6 DIE DRINKPLEK VOLGENS WOONPLEK

Die drinkplek volgens woonplek word in tabel 8.5 getabuleer.

TABEL 8.5

DRINKPLEK VOLGENS WOONPLEK

| Drinkplek | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 128 | 67.7 | 24 | 70.6 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 61 | 32.3 | 10 | 29.4 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 189 | 100.0 | 34 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 0.1086$ ; $80\% > p > 70\%$

Die gegewens in die bostaande tabel dui op geen noemenswaardige verskil tussen landelike en stedelike kleurlinge van Transvaal en die Oranje-Vrystaat in soverre dit die plek waar hulle gewoonlik hulle drankies nuttig, aangaan.

8.7 DIE DRINKPLEK VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 8.6 word die drinkplek volgens onderwyspeil ontleed.

TABEL 8.6

DRINKPLEK VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Drinkplek | Nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag nie | | Laerskoolkwalifikasies | | Hoër kwalifikasies as laerskool | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 12 | 60.0 | 82 | 63.6 | 58 | 78.4 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 8 | 40.0 | 47 | 36.4 | 16 | 21.6 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 20 | 100.0 | 129 | 100.0 | 74 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 5.4283$ ; $10\% > p > 5\%$

Meer as driekwart (78.4%) van die proefpersone wat oor hoër kwalifikasies as laerskool beskik het, het tuis gedrink, terwyl 63.6 persent wat oor laerskoolkwalifikasies beskik het en 60.0 persent van die groep wat nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag het nie, tuis gedrink het. 'n Groter persentasie van die laagste onderwyspeilgroep verkies dus om op ander plekke as tuis te drink, as wat die geval by die twee hoër onderwyspeilgroepe is.

8.8 DIE DRINKPLEK VOLGENS BEROEP

Die drinkplek word volgens die beroepsgroepe van die proefpersone in tabel



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

8.7 weergegee.

TABEL 8.7

DRINKPLEK VOLGENS BEROEP

| Drinkplek | Ongeskool-des | | Geskooldes, veiligheids-dienste, privaaton-dernemings | | Huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone | | Professionele, tegniese en verwante be-roepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 79 | 60.3 | 27 | 75.0 | 18 | 75.0 | 28 | 87.5 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 52 | 39.7 | 9 | 25.0 | 6 | 25.0 | 4 | 12.5 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 131 | 100.0 | 36 | 100.0 | 24 | 100.0 | 32 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 10.5326$ ; $2\% > p > 1\%$

Terwyl meer as vier vyfdes (87.5%) van die beroepsgroep professionele, tegniese en verwante beroepe tuis hul drank nuttig, gebeur dit by slegs drie vyfdes (60.3%) van die ongeskoolde werkers.

## 8.9 DIE DRINKPLEK VOLGENS INKOMSTE

Die drinkplek en die inkomste van die huishoudings van die proefpersone word in tabel 8.8 aangetoon.

TABEL 8.8

DRINKPLEK VOLGENS INKOMSTE

| Drinkplek | Weeklikse inkomste | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tot R14.99 | | R15-R29.99 | | R30 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 65 | 55.6 | 68 | 80.0 | 19 | 90.5 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 52 | 44.4 | 17 | 20.0 | 2 | 9.5 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 117 | 100.0 | 85 | 100.0 | 21 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 18.8748$ ; $p < 0.1\%$

In tabel 8.8 word aangetoon dat die persentasie proefpersone wat in hulle eie huis drink, styg namate die inkomste van die inkomstegroepe hoër word (55.6%, 80.0% en 90.5%). Indien mens afdelings 8.7 en 8.8 onderskeidelik in oënskou neem, dan blyk dit dat die hoër onderwyspeilgroepe sowel as die hoër beroepsgroepe albei in verhouding tot die laer onderwyspeilgroepe en laer beroepsgroepe, verkies om hulle drank tuis te nuttig. Dit wil dus voorkom asof die beter opgeleide en meer gegoede Kleurlinge verkies om hulle drank tuis te nuttig.

## 8.10 DIE DRINKPLEK VOLGENS DRINKMOTIEF

Die verskillende moontlike drinkmotiewe word ook met die drinkplek in ver-

band gebring. In tabel 8.9 word die drinkplek en die drinkmotief getabuleer. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word slegs twee kategorieë drinkmotiewe onderskei, naamlik fisiologiese redes en „ander redes".

TABEL 8.9

DRINKPLEK VOLGENS DRINKMOTIEF

| Drinkplek | Fisiologiese redes | | Ander redes | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 47 | 65.3 | 105 | 69.5 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 25 | 34.7 | 46 | 30.5 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 72 | 100.0 | 151 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 0.4072$ ; $70\% > p > 50\%$

Daar is geen ooglopende tendense ten opsigte van die drinkplek en die drinkmotief te bespeur nie. Die verkreë chi-kwadraatwaarde is nie-beduidend.

8.11 DIE DRINKPLEK VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF PER WEEK GEBRUIK

In tabel 8.10 word gegewens getabuleer wat die drinkplek en die geldwaarde van die drank, wat die proefpersoon self per week nuttig, aantoon.

TABEL 8.10

DRINKPLEK VOLGENS DIE GELDWAARDE VAN DIE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF GEBRUIK HET

| Drinkplek | Tot 99c per week | | R1.00 en meer per week | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Eie huis | 66 | 63.5 | 86 | 72.3 | 152 | 68.2 |
| Ander plekke | 38 | 36.5 | 33 | 27.7 | 71 | 31.8 |
| TOTAAL | 104 | 100.0 | 119 | 100.0 | 223 | 100.0 |

$X^2 = 1.9835$ ; $20\% > p > 10\%$

Alhoewel die verskille nie baie groot is nie, wil dit tog voorkom asof 'n groter persentasie (72.3%) van diegene wat weekliks gemiddeld een rand of meer se drank gebruik, tuis hulle drank nuttig as wat die geval is by daardie groep wat minder as een rand se drank per week self gebruik (63.5%). Hierdie verskille kom ooreen met die vermoede wat reeds voorheen uitgespreek is, naamlik dat die gegoede en meer welgestelde Kleurling meer dikwels sy drank tuis nuttig as wat die geval by die mindergegoedes is.

8.12 SAMEVATTING

8.12.1 Die meeste proefpersone verkies om Blankedrank in hulle eie huise te drink.

8.12.2 'n Groter persentasie vroue as mans drink tuis.

8.12.3 Die jongste ouderdomsgroep (30 jaar en jonger) drink veeleer op ander plekke as tuis in vergelyking met die drie ouer ouderdomsgroepe (31 tot 40 jaar, 41 tot 50 jaar en 51 jaar en ouer respektiewelik).

8.12.4 Die Engelssprekende groep het 'n groter persentasie tuisdrinkers as die Afrikaanssprekende groep ingesluit.

8.12.5 Proefpersone wat binne huweliksverband lewe, lewer 'n groter persentasie persone wat tuis drink as dié groep wat buite huweliksverband lewe.

8.12.6 Die landelike en stedelike groepe verskil nie noemenswaardig van mekaar ten opsigte van drinkplek nie.

8.12.7 Die laer onderwyspeilgroepe verkies in 'n geringer mate om tuis te drink as die hoër onderwyspeilgroepe.

8.12.8 Die ongeskoolde beroepsgroep verkies in 'n geringer mate om tuis te drink as enige ander beroepsgroepe.

8.12.9 Die laagste inkomstegroep verkies in 'n groter mate om op ander plekke te drink in teenstelling met die middel en hoogste inkomstegroepe wat veeleer tuis drink.

8.12.10 Ten opsigte van die verband tussen drinkplek en die drinkmotief is daar geen ooglopende tendense te bespeur nie.

8.12.11 Die persentasie tuisdrinkers is effens hoër by diegene wat weekliks drank ter waarde van een rand of meer verbruik as wat die geval is by daardie groep wat minder as een rand se drank gemiddeld per week verbruik.

8.12.12 Ten spyte van die onderlinge verskille wat daar tussen die verskillende kategorieë bestaan, gee die grootste enkele persentasie van elke groep nog daaraan voorkeur om tuis hul drank te gebruik.

## HOOFSTUK 9

## DIE HOEVEELHEID DRANK GENUTTIG GEDURENDE DIE SEWE DAE WAT DIE ONDERSOEK VOORAFGEGAAN HET

### 9.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n ontleding gemaak van die aantal drankies wat die proefpersone in die week wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig het. Ten einde 'n vergelykbare basis ten opsigte van die hoeveelheid drank (gebaseer op die alkoholinhoud), wat gebruik is, te vind, is een pint bier aan een glas wyn of een sopie spiritualieë gelykgestel. Ofskoon die verskillende dranksoorte nie maklik met mekaar vergelyk kan word nie, gee die bostaande vergelyking tog 'n bruikbare basis aangesien gewerk word met die persentasie alkohol per volume-eenheid. Waar daar in hierdie hoofstuk van drankies gepraat word, word dus ôf een pint bier ôf een glas wyn ôf een sopie spiritualieë bedoel. In 'n vorige hoofstuk is die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep ontleed en bespreek en daar is op gewys dat die drinkfrekwensie slegs aantoon hoe dikwels 'n persoon drank gebruik en nie 'n aanduiding is van die hoeveelheid drank wat gebruik word nie. In die onderhawige hoofstuk val die klem op die hoeveelheid drank wat gebruik word.

### 9.2 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GESLAG

In tabel 9.1 word die getal drankies, wat gedurende dié sewe dae wat die onderhoud voorafgegaan het, met die geslag van die gebruikers in verband gebring.

TABEL 9.1

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GESLAG

| Getal drankies * | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 28 | 13.0 | 61 | 48.0 | 89 | 26.0 |
| Klein hoeveelhede | 30 | 14.0 | 19 | 15.0 | 49 | 14.3 |
| Medium hoeveelhede | 60 | 27.9 | 33 | 26.0 | 93 | 27.2 |
| Groot hoeveelhede | 97 | 45.1 | 14 | 11.0 | 111 | 32.5 |
| TOTAAL | 215 | 100.0 | 127 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 66.3573$ ; $p < 0.1\%$

* 1 tot 3 drankies word beskou as klein hoeveelhede
4 tot 12 drankies word beskou as medium hoeveelhede
13 of meer drankies word beskou as groot hoeveelhede

Volgens die gegewens in tabel 9.1 het 32.5 persent gebruikers groot hoeveelhede drank, 27.2 persent medium hoeveelhede, 26.0 persent geen drank en 14.3 persent klein hoeveelhede drank gedurende dié sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, gebruik. In verhouding drink bykans vier keer meer mans as vroue groot hoeveelhede drank (45.1% mans teenoor 11.0% vroue), terwyl die beeld so te sê omgekeerd is in die geval van geen gebruik in die betrokke tydperk (48.0% vroue teenoor 13.0% mans). Ten opsigte van die klein en medium hoeveelhede lyk dit asof daar nie verskille tussen die twee geslagte te bespeur is nie, aangesien 14.0 persent mans en 15.0 persent vroue klein hoeveelhede en 27.9 persent mans en 26.0 persent vroue medium hoeveelhede drank gebruik het. Die feit dat daar gewoonlik verwag word dat vroue glad nie, of slegs matig moet drink, speel waarskynlik 'n belangrike rol.

9.3 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIè SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS OUDERDOM

Die getal drankies wat gebruik is en die ouderdomme van die proefpersone word in tabel 9.2 getabuleer.

TABEL 9.2

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS OUDERDOM

| Getal drankies | 30 jaar en jonger | | 31- 40 jaar | | 41-50 jaar | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 39 | 34.5 | 28 | 22.4 | 12 | 19.7 | 10 | 23.3 | 89 | 26.0 |
| Klein hoeveelhede | 13 | 11.5 | 18 | 14.4 | 13 | 21.3 | 5 | 11.6 | 49 | 14.3 |
| Medium hoeveelhede | 26 | 23.0 | 39 | 31.2 | 17 | 27.9 | 11 | 25.6 | 93 | 27.2 |
| Groot hoeveelhede | 35 | 31.0 | 40 | 32.0 | 19 | 31.1 | 17 | 39.6 | 111 | 32.5 |
| TOTAAL | 113 | 100.0 | 125 | 100.0 | 61 | 100.0 | 43 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 10.0537$ ; $50\% > p > 30\%$

Blykens die gegewens in tabel 9.2 is daar geen waarneembare tendense wat 'n breedvoerige bespreking vereis nie. Dit wil voorkom asof ouderdom weinig, indien enige, verband het met die getal drankies wat die proefpersone gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, gebruik het.

9.4 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS HUISTAAL

In tabel 9.3 word die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig in verband met die gebruikers se huistaal gebring.

TABEL 9.3

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS HUISTAAL

| Getal drankies | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 64 | 24.1 | 25 | 32.9 | 89 | 26.0 |
| Klein hoeveelhede | 36 | 13.5 | 13 | 17.1 | 49 | 14.3 |
| Medium hoeveelhede | 70 | 26.3 | 23 | 30.3 | 93 | 27.2 |
| Groot hoeveelhede | 96 | 36.1 | 15 | 19.7 | 111 | 32.5 |
| TOTAAL | 266 | 100.0 | 76 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 7.5080$ ; $10\% > p > 5\%$

Die gegewens in tabel 9.3 dui daarop dat die Engelssprekendes 'n ligter drinkpatroon as die Afrikaanssprekendes vertoon, want onderskeidelik 32.9 en 19.7 persent van die Engelssprekendes het geen en groot hoeveelhede gedrink, teenoor onderskeidelik 24.1 en 36.1 persent by die Afrikaanssprekendes. Ten opsigte van

die medium en klein hoeveelhede drankies wat in dié tydperk genuttig is, is daar geen noemenswaardige verskille te bespeur indien die twee taalgroepe met mekaar vergelyk word nie.

9.5 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS WOONPLEK

In tabel 9.4 word die getal drankies wat gedurende dié sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig is, volgens die woonplek van die gebruikers getabuleer.

TABEL 9.4

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS WOONPLEK

| Getal drankies | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 79 | 28.0 | 10 | 16.7 | 89 | 26.0 |
| Klein hoeveelhede | 37 | 13.1 | 12 | 20.0 | 49 | 14.3 |
| Medium hoeveelhede | 74 | 26.2 | 19 | 31.7 | 93 | 27.2 |
| Groot hoeveelhede | 92 | 32.6 | 19 | 31.7 | 111 | 32.5 |
| TOTAAL | 282 | 100.0 | 60 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 5.4886$ ; $20\% > p > 10\%$

Blykens die gegewens in tabel 9.4 is daar geen wetmatigheid waar te neem in die verskille tussen die stedelike groep en die landelike groep ten opsigte van die getal drankies wat hulle gedurende dié sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig het.

9.6 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die getal drankies wat die proefpersone gedurende dié sewe dae genuttig het, word volgens hulle onderwyspeilverspreiding in tabel 9.5 getabuleer.

TABEL 9.5

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Getal drankies | Nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag nie | | Laerskoolkwalifikasies | | Hoër kwalifikasies as laerskool | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 4 | 11.4 | 58 | 28.4 | 27 | 26.2 | 89 | 26.0 |
| Klein hoeveelhede | 8 | 22.9 | 28 | 13.7 | 13 | 12.6 | 49 | 14.3 |
| Medium hoeveelhede | 12 | 34.3 | 59 | 28.9 | 22 | 21.4 | 93 | 27.2 |
| Groot hoeveelhede | 11 | 31.4 | 59 | 28.9 | 41 | 39.8 | 111 | 32.5 |
| TOTAAL | 35 | 100.0 | 204 | 100.0 | 103 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 10.0301$ ; $20\% > p > 10\%$

Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, daal die persentasie gebruikers wat klein hoeveelhede en medium hoeveelhede Blankedrank dié sewe dae genuttig het. Die feit dat daar egter geen duidelike tendens ten opsigte van persone wat groot hoeveelhede drank en geen drank genuttig het nie, voorkom nie, sowel as die verkreë chi-kwadraatwaarde, laat die vermoede ontstaan dat daar nie 'n sterk verband tussen die hoeveelheid drank wat genuttig is en die onderwyspeil bestaan nie.

## 9.7 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS BEROEP

In tabel 9.6 word die getal drankies, wat die proefpersone gedurende dié sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig het, met hulle beroepe in verband gebring.

TABEL 9.6

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIé SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS BEROEP

| Getal drankies | Ongeskool-des | | Geskooldes, veiligheids-dienste, privaatondernemings | | Huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone | | Professionele, tegniese en verwante beroepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 41 | 21.7 | 2 | 4.9 | 33 | 49.3 | 13 | 28.9 | 89 | 26.0 |
| Klein hoeveelhede | 28 | 14.8 | 5 | 12.2 | 10 | 14.9 | 6 | 13.3 | 49 | 14.3 |
| Medium hoeveelhede | 56 | 29.6 | 7 | 17.1 | 17 | 25.4 | 13 | 28.9 | 93 | 27.2 |
| Groot hoeveelhede | 64 | 33.9 | 27 | 65.9 | 7 | 10.5 | 13 | 28.9 | 111 | 32.5 |
| TOTAAL | 189 | 100.0 | 41 | 100.0 | 67 | 100.0 | 45 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 48.9869$ ; $p < 0.1\%$

Blykens die gegewens in tabel 9.6 het 65.9 persent proefpersone van die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste, privaatondernemings, groot hoeveelhede drankies gedurende dié sewe dae genuttig. Die drie ander beroepsgroepe het in verhouding in 'n mindere mate groot hoeveelhede drankies genuttig. Klein selfrekwensies bemoeilik die bespreking aansienlik en kan ook die gevolgtrekkings beïnvloed.

## 9.8 SAMEVATTING

9.8.1 Blykens die beskikbare gegewens het die grootste enkele persentasie proefpersone groot hoeveelhede drankies gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig.

9.8.2 Byna die helfte van die mans in die ondersoekgroep, teenoor sowat een tiende van die vroue het groot hoeveelhede drankies gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig.

9.8.3 Dit wil voorkom asof ouderdom weinig, indien enige, verband het met die getal drankies wat die proefpersone gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, gebruik het.

9.8.4 Meer Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes het groot hoeveelhede drankies genuttig in dié sewe dae.

9.8.5 Daar is vermoedelik geen duidende verskille tussen die stedelike en die landelike groepe ten opsigte van die getal drankies wat hulle gedurende dié sewe dae genuttig het, waar te neem nie.

9.8.6 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, daal die persentasie gebruikers van klein en medium hoeveelhede drank.

9.8.7 Die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste, privaatondernemings het persentsgewys die meeste proefpersone wat groot hoeveelhede drankies gedurende dié sewe dae genuttig het, ingesluit.

HOOFSTUK 10

DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK

## 10.1 INLEIDING

Die weeklikse huishoudelike uitgawe aan drank word in hierdie hoofstuk bespreek. Met die huishoudelike uitgawe aan drank word die totale uitgawe aan drank bedoel, afgesien daarvan of die drank deur lede van die huishouding of ander persone gebruik word.

Vir die doel van die bespreking word die bedrae van onder R1.00 as klein, dié vanaf R1.00 tot R2.99 as medium en bedrae van R3.00 en meer per week, as groot bedrae beskou.

## 10.2 DIE WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS HUISTAAL

In tabel 10.1 word die weeklikse huishoudelike uitgawe aan drank volgens die huistaal van die proefpersone getabuleer.

TABEL 10.1

WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS HUISTAAL

| Bedrag wat huishouding weekliks aan drank bestee | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Klein | 152 | 57.1 | 39 | 51.3 | 191 | 55.9 |
| Medium | 77 | 29.0 | 25 | 32.9 | 102 | 29.8 |
| Groot | 37 | 13.9 | 12 | 15.8 | 49 | 14.3 |
| TOTAAL | 266 | 100.0 | 76 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 0.8136$ ; $70\% > p > 50\%$

Blykens die gegewens in tabel 10.1 het meer as die helfte (55.9%) van die proefpersone gemiddeld klein, 29.8 persent medium en 14.3 persent groot bedrae weekliks aan drank bestee. Daar is geen opvallende verskille tussen die twee taalgroepe met betrekking tot hulle weeklikse uitgawe aan drank te bespeur nie.

## 10.3 DIE WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die weeklikse uitgawe aan drank word in tabel 10.2 met die huwelikstaat van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 10.2

WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Bedrag wat huishouding weekliks aan drank bestee | Binne huweliksverband | | Buite huweliksverband | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Klein | 130 | 51.6 | 61 | 67.8 | 191 | 55.9 |
| Medium | 77 | 30.6 | 25 | 27.8 | 102 | 29.8 |
| Groot | 45 | 17.8 | 4 | 4.4 | 49 | 14.3 |
| TOTAAL | 252 | 100.0 | 90 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 11.6108$ ; $1\% > p > 0.1\%$

Uit tabel 10.2 blyk dat diegene wat binne huweliksverband lewe, 'n kleiner persentasie (51.6%) insluit wat klein bedrae aan drank bestee het, as wat die geval by diegene is wat buite huweliksverband leef (67.8%). Die groep wat binne huweliksverband lewe, lewer ook 'n groter persentuele bydrae tot die groep wat weekliks medium en groot bedrae aan drank bestee, as diegene wat buite huweliksverband lewe. Hierdie verskynsel kan moontlik daardeur verklaar word dat diegene wat buite huweliksverband lewe kleiner huishoudings as die groep wat binne huweliksverband lewe, verteenwoordig. 'n Verdere moontlike verklaring vir die waargenome verskille tussen die twee huwelikstaatgroepe mag daarin geleë wees dat persone wat binne huweliksverband lewe, meer dikwels onthaal as die groep wat geskeides, ongetroudes en wewenaars en weduwees insluit.

## 10.4 DIE WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS WOONPLEK

In tabel 10.3 word die weeklikse uitgawe aan drank volgens die woonplek van die ondersoekgroep getabuleer.

TABEL 10.3

WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS WOONPLEK

| Bedrag wat huishouding weekliks aan drank bestee | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Klein | 147 | 52.1 | 44 | 73.3 | 191 | 55.9 |
| Medium | 88 | 31.2 | 14 | 23.3 | 102 | 29.8 |
| Groot | 47 | 16.7 | 2 | 3.3 | 49 | 14.3 |
| TOTAAL | 282 | 100.0 | 60 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 11.1500$ ; $1\% > p > 0.1\%$

Volgens die gegewens in die bostaande tabel het 'n groter persentasie (73.3%) van die proefpersone vanuit landelike gebiede klein bedrae weekliks aan drank bestee, as wat die geval by die stedelike groep is (52.1%). Persentsgewys bestee die stedelike groep ook meer medium en groot bedrae weekliks aan drank as die landelike groep. Die voorgemelde verskille mag ten dele ook toegeskryf word aan die verskil in soort drank wat mees algemeen deur die twee groepe gebruik word.

## 10.5 DIE WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die weeklikse uitgawe aan drank word volgens die onderwyspeil van die proefpersone in tabel 10.4 ontleed.

TABEL 10.4

WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Bedrag wat huishouding weekliks aan drank bestee | Nooit skoolgegaan of geen standerd geslaag nie | | Laerskoolkwalifikasies | | Hoër kwalifikasies as laerskool | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Klein | 29 | 82.9 | 121 | 59.3 | 41 | 39.8 | 191 | 55.9 |
| Medium | 6 | 17.1 | 62 | 30.4 | 34 | 33.0 | 102 | 29.8 |
| Groot | - | - | 21 | 10.3 | 28 | 27.2 | 49 | 14.3 |
| TOTAAL | 35 | 100.0 | 204 | 100.0 | 103 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 31.2306$ ; $p < 0.1\%$

Blykens die gegewens in die bostaande tabel is daar waarskynlik 'n verband tussen die weeklikse uitgawe aan drank en die onderwyspeil, want namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep waarin 'n proefpersoon val, hoër is, neem die persentasie proefpersone wie se weeklikse uitgawe aan drank 'n groot of medium bedrag beloop, toe. Die rede hiervoor lê waarskynlik daarin dat die inkomste toeneem met die onderwyspeil en diegene met die hoër onderwyskwalifikasies, meer geld tot hulle beskikking het om aan drank te bestee.

## 10.6 DIE WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS BEROEP

In tabel 10.5 word die huishoudelike uitgawe aan drank volgens beroep getabuleer.

TABEL 10.5

WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS BEROEP

| Bedrag wat huishouding weekliks aan drank bestee | Ongeskooldes | | Geskooldes, veiligheidsdienste, privaatondernemings | | Huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone | | Professionele, tegniese en verwante beroepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Klein | 107 | 56.6 | 14 | 34.1 | 48 | 71.6 | 22 | 48.9 | 191 | 55.9 |
| Medium | 58 | 30.7 | 13 | 31.7 | 16 | 23.9 | 15 | 33.3 | 102 | 29.8 |
| Groot | 24 | 12.7 | 14 | 34.1 | 3 | 4.5 | 8 | 17.8 | 49 | 14.3 |
| TOTAAL | 189 | 100.0 | 41 | 100.0 | 67 | 100.0 | 45 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 24.4360$ ; $p < 0.1\%$

Blykens die gegewens in tabel 10.5 lewer die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings die grootste enkele persentasie (34.1%) proefpersone wat weekliks groot bedrae aan drank bestee. Die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone het die grootste persentasie (71.6%) wat weekliks klein bedrae aan drank bestee, ingesluit. Daar dien egter op gelet te word

dat dit hier nie gaan om die beroep van die hoof van die huishouding nie, maar wel om die beroep van die persoon wat ondervra is.

## 10.7 DIE WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS INKOMSTE

In tabel 10.6 word die weeklikse uitgawe aan drank volgens die inkomste van die proefpersoon getabuleer.

TABEL 10.6

WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS INKOMSTE

| Bedrag wat huishouding weekliks aan drank bestee | Weeklikse inkomste | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tot R14.99 | | R15-R29.99 | | R30.00 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Klein | 133 | 71.9 | 49 | 37.7 | 9 | 33.3 | 191 | 55.9 |
| Medium | 47 | 25.4 | 49 | 37.7 | 6 | 22.2 | 102 | 29.8 |
| Groot | 5 | 2.7 | 32 | 24.6 | 12 | 44.4 | 49 | 14.3 |
| TOTAAL | 185 | 100.0 | 130 | 100.0 | 27 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 67.2286$ ; $p < 0.1\%$

Volgens die gegewens in tabel 10.6 blyk dit dat namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, is die huishoudelike uitgawe aan drank ook hoër. So byvoorbeeld bestee 71.9 persent van diegene met 'n weeklikse inkomste van minder as R15.00 weekliks 'n klein bedrag aan drank, terwyl dit by 37.7 persent van die proefpersone met 'n inkomste van R15.00 tot R29.99 per week en by 33.3 persent van daardie groep wat 'n inkomste van R30.00 en meer per week het, die geval is. Hierdie verskynsel hou moontlik onder andere verband daarmee dat die hoër inkomstegroepe meer geld as die laer inkomstegroepe het om aan drank te bestee. Daar word weer eens op gewys dat die inkomste soos dit hierbo weergegee is, die netto inkomste van die huishouding is en nie noodwendig dié van die proefpersoon alleen is nie.

## 10.8 DIE WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS DIE WEEKLIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN VOEDSEL

In hierdie afdeling word die uitgawe aan drank en die voedseluitgawes van die huishoudings van die proefpersone met mekaar in verband gebring.

TABEL 10.7

WEEKLIKSE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS WEEKLIKSE UITGAWE AAN VOEDSEL

| Bedrag wat huishouding weekliks aan drank bestee | Weeklikse uitgawe aan voedsel | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tot R4.99 | | R5-R9.99 | | R10 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Klein | 84 | 75.0 | 68 | 48.9 | 39 | 42.8 | 191 | 55.9 |
| Medium | 26 | 23.2 | 50 | 36.0 | 26 | 28.6 | 102 | 29.8 |
| Groot | 2 | 1.8 | 21 | 15.1 | 26 | 28.6 | 49 | 14.3 |
| TOTAAL | 112 | 100.0 | 139 | 100.0 | 91 | 100.0 | 342 | 100.0 |

$X^2 = 39.9911$ ; $p < 0.1\%$

Uit die gegewens in tabel 10.7 blyk dit dat namate die huishoudelike uitgawe aan voedsel styg, neem die persentasie proefpersone wie se huishoudings groot bedrae aan drank bestee, toe vanaf 1.8 persent by diegene wat tot R4.99 per week aan voedsel bestee, tot 15.1 persent by diegene wat van R5.00 tot R9.99 en 28.6 persent by diegene wat R10.00 en meer per week bestee. Ten opsigte van die huishoudings wat klein bedrae aan drank bestee, daal die persentasies namate die uitgawe aan voedsel hoër is. Weer eens wil dit voorkom asof die beskikbare bedrag geld, soos dit in hierdie geval blyk volgens die bedrag aan voedsel bestee, verband hou met die bedrag wat aan drank bestee word.

## 10.9 SAMEVATTING

10.9.1 Dit blyk dat meer as die helfte (55.9%) van die huishoudings van die ondersoekgroep klein bedrae, 29.8 persent medium bedrae en 14.3 persent groot bedrae weekliks aan drank bestee. Die twee taalgroepe verskil slegs in 'n geringe mate van mekaar met betrekking tot hulle weeklikse uitgawe aan drank.

10.9.2 Die proefpersone wie se huishoudings weekliks medium en groot bedrae aan drank bestee, het 'n groter persentuele bydrae tot die groep wat binne huweliksverband leef as wat die geval by die groep is wat buite huweliksverband leef.

10.9.3 Proefpersone wat in stedelike gebiede woon, se huishoudings bestee persentsgewys meer medium en groot bedrae weekliks aan drank as diegene wat op die platteland woonagtig is.

10.9.4 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep waarin die proefpersone val, hoër is, neem die persentasie waarvan die weeklikse uitgawe aan drank medium en groot bedrae beloop, toe.

10.9.5 Die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone het van al die beroepsgroepe die grootste persentasie persone ingesluit wat klein bedrae weekliks aan drank bestee.

10.9.6 Namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, is die huishoudelike uitgawe aan drank ook hoër.

10.9.7 Namate die huishoudelike uitgawe aan voedsel styg, neem die persentasie proefpersone wie se huishoudings groot bedrae aan drank bestee, toe.

# HOOFSTUK 11

## HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN DRANK EN DIE MOTIEWE VIR HIERDIE HOUDING

## 11.1 INLEIDING

Soos reeds vroeër gemeld, is hierdie ondersoek geloods voordat die Drankwysigingswet (Wet nr. 72 van 1961), die Drankwet (Wet nr. 30 van 1928) vervang het. Op daardie tydstip kon Kleurlinge nog nie drank vryelik bekom nie en is die vraag aan hulle gestel of hulle ten gunste van die vrystelling van drank aan Kleurlinge was of nie. Hulle moes ook hulle antwoorde motiveer sodat vasgestel kon word waarom hulle ten gunste van die vrystelling of daarteen gekant was.

## 11.2 HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN DRANK

Die proefpersone se houdings ten opsigte van die vrystelling van drank word met die volgende faktore in verband gebring, naamlik: geslag, ouderdom huwelikstaat, kerkverband, woonplek en beroep.

### 11.2.1 Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens geslag

In tabel 11.1 word die proefpersone se houdings ten opsigte van die vrystelling van drank aan Kleurlinge met hulle geslag in verband gebring.

TABEL 11.1

HOUDING VOLGENS GESLAG

| Houding t.o.v. vrystelling van drank | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Ten gunste van vrystelling | 208 | 83.2 | 145 | 58.0 | 353 | 70.6 |
| Teen vrystelling | 42 | 16.8 | 105 | 42.0 | 147 | 29.4 |
| TOTAAL | 250 | 100.0 | 250 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 38.2436$ ; $p < 0.1\%$

Blykens die gegewens in tabel 11.1 was 70.6 persent van die proefpersone ten gunste van die vrystelling van drank. Van die mans was 83.2 persent ten gunste van vrystelling, terwyl 58.0 persent van die vroue ten gunste van vrystelling was. 'n Moontlike verklaring waarom die vroue persentueel meer as die mans teen vrystelling gekant is, mag daarin geleë wees dat dit die vrou is wat gewoonlik die swaarste ly onder die gevolge van oormatige drankgebruik en die daarmee gepaardgaande sosiale euwels soos armoede, verlating, verwaarlosing, gesinsdesorganisasie, ensovoorts.

### 11.2.2 Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens ouderdom

In tabel 11.2 word die houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens ouderdom getabuleer.

TABEL 11.2

HOUDING VOLGENS OUDERDOM

| Houding t.o.v. vrystelling van drank | 30 jaar en jonger | | 31 - 40 jaar | | 41 - 50 jaar | | 51 jaar en ouer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ten gunste van vrystelling | 115 | 71.4 | 119 | 72.1 | 68 | 72.3 | 51 | 63.8 | 353 | 70.6 |
| Teen vrystelling | 46 | 28.6 | 46 | 27.9 | 26 | 27.7 | 29 | 36.2 | 147 | 29.4 |
| TOTAAL | 161 | 100.0 | 165 | 100.0 | 94 | 100.0 | 80 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 2.1824; \quad 70\% > p > 50\%$

Volgens die gegewens in tabel 11.2 was daar geen duidende verskil in die houding van die verskillende ouderdomsgroepe ten opsigte van die vrystelling van alkoholiese drank nie.

11.2.3 Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens huwelikstaat

In tabel 11.3 word die houdings van die proefpersone ten opsigte van die vrystelling van drank volgens huwelikstaat aangetoon.

TABEL 11.3

HOUDING VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Houding t.o.v. vrystelling van drank | Binne huweliks-verband | | Buite huweliks-verband | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Ten gunste van vrystelling | 266 | 70.2 | 87 | 71.9 | 353 | 70.6 |
| Teen vrystelling | 113 | 29.8 | 34 | 28.1 | 147 | 29.4 |
| TOTAAL | 379 | 100.0 | 121 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 0.1300; \quad 80\% > p > 70\%$

Soos wat die geval by die vorige tabel was, skyn daar ook tussen huwelikstaat en houding ten opsigte van die vrystelling van drank geen verband te wees nie.

11.2.4 Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens kerkverband

In tabel 11.4 word die proefpersone se houdings ten opsigte van die vrystelling van drank volgens kerkverband getabuleer.

TABEL 11.4

HOUDING VOLGENS KERKVERBAND

| Houding | Afrikaanse kerke | | Engelse kerke | | Rooms-Katolieke Kerk | | Apostoliese gelowe en Volle Evangelie Kerk | | Geen kerk | | Ander kerke | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ten gunste van vrystelling | 51 | 78.5 | 205 | 73.7 | 36 | 70.6 | 25 | 50.0 | 1 | 50.0 | 35 | 64.8 | 353 | 70.6 |
| Teen vrystelling | 14 | 21.5 | 73 | 26.3 | 15 | 29.4 | 25 | 50.0 | 1 | 50.0 | 19 | 35.2 | 147 | 29.4 |
| TOTAAL | 65 | 100.0 | 278 | 100.0 | 51 | 100.0 | 50 | 100.0 | 2 | 100.0 | 54 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 14.3714$ ; $1\% > p > 0.1\%$

„Geen kerk" is by die berekening van die chi-kwadraat buite rekening gelaat.

Soos dit blyk uit die gegewens in tabel 11.4 was 78.5 persent van die proefpersone wat aan die Afrikaanse kerke behoort het, teenoor 50.0 persent van die proefpersone wat aan die Apostoliese gelowe en Volle Evangelie Kerk en 50.0 persent van diegene wat aan geen kerk behoort het nie, ten gunste van die vrystelling van drank. Hierdie persentuele verspreiding verteenwoordig onderskeidelik die hoogste en laagste groepe wat ten gunste van die vrystelling van drank is (78.5% teenoor 50.0%). Dit val op dat die lidmate van die Apostoliese en Volle Evangelie Kerk nie oorwegend ten gunste van een of ander standpunt is nie.

### 11.2.5 Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens woonplek

Die proefpersone se houdings ten opsigte van die vrystelling van drank word volgens woonplek in tabel 11.5 getabuleer.

TABEL 11.5

HOUDING VOLGENS WOONPLEK

| Houding t.o.v. vrystelling van drank | Stedelik | | Landelik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Ten gunste van vrystelling | 295 | 69.9 | 58 | 74.4 | 353 | 70.6 |
| Teen vrystelling | 127 | 30.1 | 20 | 25.6 | 147 | 29.4 |
| TOTAAL | 422 | 100.0 | 78 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 0.6289$ ; $50\% > p > 30\%$

Blykens die gegewens in tabel 11.5 het 74.4 persent persone vanaf landelike gebiede teenoor 69.9 persent persone vanaf stedelike gebiede hulle ten gunste van die vrystelling van drank verklaar. Die verskille is egter té klein om betekenisvol te wees.

### 11.2.6 Houding ten opsigte van die vrystelling van drank volgens beroep

Die proefpersone se houdings ten opsigte van die vrystelling van drank word volgens hulle beroepe in tabel 11.6 aangedui.

TABEL 11.6

HOUDING VOLGENS BEROEP

| Houding t.o.v. vrystelling van drank | Onge- skooldes | | Geskooldes, veiligheids- dienste, privaat- onder- nemings | | Huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone | | Professionele, tegniese en verwante be- beroepe | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ten gunste van vrystelling | 183 | 75.0 | 43 | 87.8 | 79 | 53.4 | 48 | 81.4 | 353 | 70.6 |
| Teen vrystelling | 61 | 25.0 | 6 | 12.2 | 69 | 46.6 | 11 | 18.6 | 147 | 29.4 |
| TOTAAL | 244 | 100.0 | 49 | 100.0 | 148 | 100.0 | 59 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 33.6588$ ; $p < 0.1\%$

Blykens die gegewens in tabel 11.6 was 87.8 persent van die proefpersone in die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings ten gunste van die vrystelling van drank. Persentsgewys lewer hierdie beroepsgroep die meeste proefpersone wat ten gunste van die vrystelling van drank is, terwyl die beroepsgroep huisvroue, en nie-ekonomies bedrywige persone met 53.4 persent, die kleinste persentasie proefpersone insluit wat ten gunste van die vrystelling van drank is. Die geringer persentasie persone in die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone in vergelyking met die ander beroepsgroepe wat ten gunste van die vrystelling van drank is, kan om dieselfde redes as dié genoem in afdeling 11.2.1 verklaar word.

## 11.3 MOTIEWE VIR HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN DRANK

### 11.3.1 Motiewe van proefpersone ten gunste van die vrystelling van drank

Hier word die motiewe van die proefpersone wat ten gunste van die vrystelling van drank was, bespreek.

### 11.3.2 Motiewe van proefpersone ten gunste van die vrystelling van drank volgens geslag

In tabel 11.7 word die motiewe van die proefpersone wat ten gunste van die vrystelling van drank is, volgens geslag getabuleer.

TABEL 11.7

MOTIEWE TEN GUNSTE VAN VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS GESLAG

| Motiewe | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Dis 'n reg | 12 | 5.8 | 7 | 4.8 | 19 | 5.4 |
| Gunstiger drinkomstandighede | 63 | 30.3 | 37 | 25.5 | 100 | 28.4 |
| Gunstiger wyse van drankverkryging | 118 | 56.7 | 76 | 52.4 | 194 | 54.9 |
| Ander redes | 8 | 3.8 | 5 | 3.5 | 13 | 3.7 |
| Weet nie | 7 | 3.4 | 20 | 13.8 | 27 | 7.6 |
| TOTAAL | 208 | 100.0 | 145 | 100.0 | 353 | 100.0 |

$X^2 = 13.1036$ ; $2\% > p > 1\%$

Blykens die gegewens in tabel 11.7 het 54.9 persent van die proefpersone die gunstiger wyse van drankverkryging as die belangrikste motief vir hul houding ten gunste van die vrystelling van drank aangevoer. Hierdie motief weeg ook by albei die geslagte die swaarste, naamlik by 56.7 persent van die mans en by 52.4 persent van die vroue. Die tweede belangrikste motief wat deur die totale groep, sowel die mans as die vrou afsonderlik voorgehou word, is gunstiger drinkomstandighede wat na die mening van die proefpersone sal ontstaan indien drank vrygestel sou word. Die ander motiewe is van uiters geringe belang.

### 11.3.3 Motiewe van proefpersone teen die vrystelling van drank volgens geslag

Soos reeds vroeër aangetoon is, was daar 147 proefpersone wat teen die vrystelling van drank gekant was. In tabel 11.8 word hulle motiewe volgens geslag getabuleer.

TABEL 11.8

MOTIEWE TEEN DIE VRYSTELLING VAN DRANK VOLGENS GESLAG

| Motiewe | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Sedelike en godsdienstige redes | 2 | 4.8 | 11 | 10.5 | 13 | 8.8 |
| Gesondheidsredes | - | - | 1 | 1.0 | 1 | 0.7 |
| Finansiële redes | 10 | 23.8 | 43 | 40.9 | 53 | 36.1 |
| Sosiale redes | 24 | 57.1 | 46 | 43.8 | 70 | 47.6 |
| Ander redes | 6 | 14.3 | 4 | 3.8 | 10 | 6.8 |
| TOTAAL | 42 | 100.0 | 105 | 100.0 | 147 | 100.0 |

Blykens die gegewens in tabel 11.8 het die grootste enkele persentasie, naamlik 47.6 persent van die proefpersone wat teen die vrystelling van drank gekant was, sosiale redes aangevoer. Finansiële redes is deur 36.1 persent van die proefpersone voorgehou, terwyl sedelike en godsdienstige redes (8.8%), ander redes (6.8%) en gesondheidsredes (0.7%) in hierdie volgorde volg. Van die vroue het 43.8 persent sosiale redes, 40.9 persent finansiële redes en 10.5 persent sedelike en godsdienstige redes aangevoer. By die mans het 57.1 persent sosiale redes, 23.8 persent finansiële redes en 14.3 persent ander redes vir hulle teenkanting genoem. Albei geslagte laat die grootste klem dus op die sosiale redes val, maar finansiële redes weeg ook swaar by albei geslagte. Die feit dat sommige selle so klein is, moet egter deurgaans in gedagte gehou word sodat foutiewe afleidings nie sonder meer gemaak word nie.

## 11.4 SAMEVATTING

11.4.1 Meer as sewentig persent van die proefpersone is ten gunste van die vrystelling van drank.

11.4.2 Die persentasie vroue wat teen die vrystelling van drank gekant is, is aansienlik hoër as die persentasie mans wat teen vrystelling gekant is.

11.4.3 Geen wetmatigheid in die verband tussen ouderdom en die houding teenoor die vrystelling van drank kon bepaal word nie.

11.4.4 Die huwelikstaat hou weinig, indien enige, verband met die persone se houding ten opsigte van die vrystelling van drank.

11.4.5 Die lidmate van Apostoliese gelowe en die Volle Evangelie Kerk is gelykop verdeel tussen die twee moontlike standpunte.

11.4.6 Die plattelander en die stedeling se houding ten opsigte van die vrystelling van drank is feitlik identies.

11.4.7 Die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone sluit die grootste persentasie persone in wat hulle teen die vrystelling van drank uitspreek.

11.4.8 Die belangrikste motief, volgens hierdie opname, waarom die proefpersone ten gunste van die vrystelling van drank is, is die verwagting dat vrystelling 'n gunstiger wyse van drankverkryging sal meebring. Hierdie motief word deur meer

as vyftig persent van sowel die mans en vroue aangevoer.

11.4.9 Sosiale redes word deur diegene wat teen die vrystelling van drank gekant is, as die belangrikste motief voorgehou.

# HOOFSTUK 12

# SAMEVATTING

## 12.1 ALGEMEEN

In plaas van om telkens 'n bepaalde kenmerk van die drinkpatroon met elk van die persoonlike kenmerke van die proefpersone in verband te bring, sal in hierdie laaste hoofstuk by wyse van samevatting 'n enkele persoonlike kenmerk eers met al die faktore van die drinkpatroon in verband gebring word, alvorens tot 'n volgende persoonlike kenmerk oorgegaan word.

## 12.2 GESLAG

In verhouding tot die mans was daar meer geheelonthouers by die vroue. 'n Groter persentasie vroue as mans onthou hulself van die gebruik van drank weens sedelike, godsdienstige of sosiale redes. Gesondheidsredes word deur 'n groter persentasie mans en vroue aangevoer. Die grootste enkele persentasie vroue in die steekproef drink om tradisionele redes en die grootste enkele persentasie mans om sosiale redes. Persentueel gee meer mans voorkeur aan spiritualieë as vroue, terwyl die grootste enkele persentasie vroue se eerste keuse wyn is. Meer as driekwart van die mans is gereelde drinkers, terwyl minder as 40.0 persent vroue gereeld drink. 'n Groter persentasie vroue as mans drink tuis. Ongeveer die helfte van die mans in die ondersoekgroep, teenoor sowat een tiende van die vroue, het groot hoeveelhede drankies gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig. Die persentasie vroue wat teen die vrystelling van drank gekant is, is aansienlik hoër as die persentasie mans wat teen vrystelling gekant is.

## 12.3 OUDERDOM

Die ouderdomsgroepe 41 jaar en ouer sluit 'n groter enkele persentasie geheelonthouers in as die jonger ouderdomsgroepe. Motivering vir onthouding en ouderdom hou skynbaar min verband met mekaar. Die gebruikers wat om fisiologiese redes drink, neem persentueel toe namate die ouderdom van die ouderdomsgroepe hoër is. Namate die ouderdom van die ouderdomsgroep waarin die proefpersoon val, hoër is, is die persentasie persone wat aan Bantoedrank voorkeur gee, groter. Daar is geen duidelike tendens waar te neem tussen drinkfrekwensie en ouderdom nie. Die jongste ouderdomsgroep (30 jaar en jonger) drink veeleer op ander plekke as tuis, in vergelyking met die drie ouer ouderdomsgroepe (31 tot 40 jaar, 41 tot 50 jaar en 51 jaar en ouer, respektiewelik). Dit wil voorkom asof ouderdom weinig indien enige, verband het met die getal drankies wat die proefpersone gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, gebruik het. Geen wetmatigheid in die verband tussen ouderdom en die houding teenoor die vrystelling van drank kon bepaal word nie.

## 12.4 HUISTAAL

Ongeveer een derde van die Afrikaanssprekendes was geheelonthouers, terwyl minder as een kwart van die Engelssprekendes hulle van drank onthou het. Blykens die gegewens het 'n effens groter persentasie van die Afrikaanssprekendes, as van die Engelssprekendes sedelike, godsdienstige of sosiale redes vir hulle onthouding van drank aangevoer. Die grootste enkele persentasie Afrikaanssprekendes drink om fisiologiese redes, terwyl die grootste enkele persentasie Engelssprekendes tradisionele redes aanvoer. Albei die taalgroepe gee voorkeur aan spiritualieë. Die Afrikaanssprekendes openbaar 'n swaarder drinkfrekwensie as die Engelssprekendes. Die Engelssprekende groep het 86.4 persent en die Afrikaanssprekende groep 63.7 persent tuisdrinkers ingesluit. Meer Afrikaanssprekendes as Engels-

sprekendes het groot hoeveelhede drankies genuttig in die sewe dae wat die ondersoek onmiddellik voorafgegaan het.

## 12.5 HUWELIKSTAAT

Een uit elke drie persone wat binne huweliksverband gelewe het, teenoor een uit elke vier wat buite huweliksverband gelewe het, is as geheelonthouers geklassifiseer. Die grootste enkele persentasie van die proefpersone wat binne huweliksverband lewe, het fisiologiese redes en diegene wat buite huweliksverband lewe, tradisionele redes vir hulle drankgebruik aangevoer. Persone wat binne huweliksverband leef, sluit meer gereelde drinkers in as wat die geval is by diegene wat buite huweliksverband leef. Byna drie-kwart van diegene wat binne huweliksverband leef, gebruik hul drank tuis, terwyl net meer as die helfte van die wat buite huweliksverband leef, tuis drink. Proefpersone wat binne huweliksverband lewe, lewer 'n groter persentuele bydrae tot die huishoudings wat medium en groot bedrae weekliks aan drank bestee, as diegene wat buite huweliksverband lewe. Die huwelikstaat van die proefpersone hou nie verband met houding ten opsigte van die vrystelling van drank nie.

## 12.6 WOONPLEK

Meer stedelinge as plattelanders was geheelonthouers. Die grootste enkele persentasie stedelinge, sowel as die grootste enkele persentasie plattelanders, is onthouers op grond van sedelike, godsdienstige of sosiale redes. Fisiologiese redes speel by plattelanders 'n belangriker rol as by stedelinge. Daar bestaan nie wesenlike verskille tussen die stedelike en landelike groepe indien die drinkfrekwensie met die woonplek in verband gebring word nie. Wat die drinkplek betref, bestaan daar geen noemenswaardige verskille tussen die landelike en stedelike Kleurlinge nie. Daar is vermoedelik geen duidende verskille waar te neem tussen die stedelike en die landelike groepe ten opsigte van die getal drankies wat hulle gedurende die sewe dae wat die ondersoek onmiddellik voorafgegaan het, genuttig het. Proefpersone wat in stedelike gebiede woon, se huishoudings bestee persentsgewys meer medium en groot bedrae weekliks aan drank, as diegene wat op die platteland woonagtig is. Die landelike groep verkies in 'n groter mate om Bantoebier te drink as die stedelike groep terwyl die teenoorgestelde ten opsigte van spiritualieë en bier geld. Plattelanders en stedelinge se houdings ten opsigte van die vrystelling van drank, is feitlik identies.

## 12.7 ONDERWYSPEIL

Die laagste en die hoogste onderwyspeilgroepe het in 'n geringe mate hoër persentasies gebruikers opgelewer as die middelste onderwyspeilgroep. Blykens die gegewens is die belangrikste motivering vir onthouding by al drie die onderwyspeilgroepe sedelike, godsdienstige of sosiale redes. Die laagste en die middelste onderwyspeilgroepe beklemtoon persentueel die fisiologiese redes die sterkste, terwyl die grootste enkele persentasie proefpersone in die hoogste onderwyspeilgroep om sosiale redes drank nuttig. Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, styg die persentasie persone wat voorkeur gee aan spiritualieë en bier en daal die persentasie ten opsigte van Bantoedrank. Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep styg, daal die persentasie proefpersone wat gereeld drink. Die laer onderwyspeilgroepe verkies in 'n geringer mate om tuis te drink as die hoër onderwyspeilgroepe. Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, daal die persentasie gebruikers van klein en medium hoeveelhede drank. Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep waarin die proefpersone val, hoër is, neem die persentasie waarin die weeklikse uitgawe aan drank medium en groot bedrae beloop, toe.

## 12.8 BEROEP

Meer as die helfte van die proefpersone in die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone was geheelonthouers, terwyl die geheelonthouers minder as een kwart van elk van die ander beroepsgroepe uitmaak. Fisiologiese motiewe vir die gebruik van drank speel by die ongeskooldes skynbaar 'n belangriker rol as by die ander beroepsgroepe terwyl die teenoorgestelde geld vir psigologiese en sosiale redes. Spiritualieë is die populêrste dranksoort by al die beroepsgroepe uitgesonderd die huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone by wie wyn die populêrste is en spiritualieë die minste aanhang geniet. Meer as 70.0 persent van die beroepsgroep ongeskooldes en die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings was gereelde drinkers. Die ongeskoolde beroepsgroep verkies in 'n geringer mate om tuis te drink as enige ander beroepsgroep. Die beroepsgroep geskooldes, veiligheidsdienste en privaatondernemings het persentsgewys die meeste proefpersone ingesluit wat groot hoeveelhede drankies gedurende die sewe dae wat die ondersoek onmiddellik voorafgegaan het, genuttig het. Een-en-sewentig punt ses persent persone in die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone het klein bedrae weekliks aan drank bestee. Die beroepsgroep huisvroue en nie-ekonomies bedrywige persone sluit die grootste persentasie persone in wat hulle teen die vrystelling van drank uitspreek.

## 12.9 INKOMSTE

Die hoogste inkomstegroep het in 'n geringe mate 'n groter enkele persentasie geheelonthouers as die middelste en laagste inkomstegroepe ingesluit. Die grootste enkele persentasie proefpersone in die laagste inkomstegroep drink om fisiologiese redes, terwyl die grootste enkele persentasies in die middelste en die hoogste inkomstegroepe persentsgewys voorrang aan die sosiale redes verleen. Namate die inkomste van die inkomstegroep waartoe die huishouding behoort, hoër is, styg die persentasie persone wat aan spiritualieë en bier voorkeur gee. Namate die weeklikse inkomste van die inkomstegroep styg, styg die persentasie gereelde drinkers. Die laagste inkomstegroep verkies in 'n groot mate om op ander plekke te drink in teenstelling met die middel en hoogste inkomstegroepe wat veeleer tuis drink. Namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, is die huishoudelike uitgawe aan drank ook hoër.

## 12.10 KERKVERBAND

Die Apostoliese gelowe en die Volle Evangelie Kerk het 'n groter persentasie geheelonthouers as die ander kerke. Lidmate van die voorgemelde kerke is as groep ten opsigte van die vraag of drank aan Kleurlinge vrygestel behoort te word of nie, gelykop verdeel.

BYLAAG

Die antwoorde wat u gee,
is vertroulik

N. B. 359

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

ONDERSOEK NA DIE DRINKGEWOONTES VAN DIE KLEURLING

IN SUID-AFRIKA

VRAELYS F

Ons onderneem om alle antwoorde wat u gee as baie vertroulik te behandel. Daar word nie belanggestel in u antwoorde afsonderlik nie maar in die gegewens van die Kleurlingbevolking as geheel.

U NAAM VERSKYN NIE OP DIE VRAELYS NIE

Nommer van vraelys.
(Alleenlik vir kantoorgebruik)

| | |
|---|---|
| | (1-4) |

1. Is u 'n man of 'n vrou?

| Man | Vrou | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | (5) |

2. Hoe oud is u?

| 18-20 | 21-30 | 31-40 | 41-50 | 51-60 | 61-70 | 71 en ouer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | (6) |

3. Watter soort werk doen u?

(Skrywe hier so duidelik en volledig moontlik neer watter soort werk die proefpersoon doen, byvoorbeeld arbeider in fabriek, lewer melk af, verkoop koerante, plaasarbeider, gee onderwys, voltydse huisvrou.)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Maak 'n kruisie by die soort werk wat die proefpersoon doen.

| | |
|---|---|
| Arbeiders: Plaasarbeiders, tuinjong (dorpe en plase), bosbouwerkers, vissers, ens. | 0 |
| Arbeiders: Arbeiders in fabrieke (tekstiel-, voedsel-, skoen-, tabakfabrieke, ens.), boubedryf en ander konstruksiewerke, motorhandel, myne en steengroewe, spoorweë, delwers, winkelbediendes, koerantverkopers, metaalwerkers, werkers in die houtbedryf, steenmakers, masjienbedieners, bodes, ens. | 1 |
| Vervoer- en afleweringsdienste: Kondukteurs, stokers, briewebestellers, matrose, beddegoedbedieners, bestuurders van huurmotors, vragmotorbestuurders, bestuurders van privaatmotors, busse, kragfietse, ens. | 2 |
| Veiligheidsdienste: Konstabels, bewaarders, persone in diens van die Weermag, nagwagte, brandweermanne, vuurslaners, verkeersinspekteurs, ens. | 3 |
| Persoonlike dienste: Kelners in diens van hotelle, haarkappers, hotel-, huis- en koshuisbediendes, kroegmanne, was- en strykbediendes, ens. | 4 |
| Voltydse huisvroue wat nie vir ander werk nie | 5 |
| Professionele, tegniese en verwante beroepe: Dokters, predikante, onderwysers, prokureurs, aptekers, rekenmeesters, tolke, landbouopsieners, administratiewe beamptes, opsigters, klerke, handelsreisigers, assuransieagente, eiendomsagente, bestuurders (bv. winkelbestuurders, inspekteurs, tiksters, verpleegsters, ens.) | 6 |
| Persone wat 'n eie privaatonderneming besit: Handelaars (ook smouse), skoenmakers, huurmotoreienaars, bouaannemers, huisopknappers, boere, vissers, losieshuiseienaars, ens. | 7 |
| Geskoolde vakmanne: Skrynwerkers, werktuigkundiges, skilders, ens. | 8 |
| Persone wat nie ekonomies bedrywig is nie: Pensioentrekkers, persone wie se familie vir hulle sorg, voltydse studente en skoliere, persone wat 'n ander bron van inkomste het, bv. renteniers, ens. | 9 |
| Werkloses: Persone wat ten tye van die onderhoud werkloos is | X |
| Ander soort werk: Persone wat werk doen wat nog nie genoem is nie | Y |

5. Watter standerd het u geslaag?

| | |
|---|---|
| Het nooit skool gegaan nie | 01 |
| Was op skool maar het geen standerd geslaag nie | 02 |
| Het die sub-standerds A of B geslaag | 03 |
| Het standerds 1 of 2 geslaag | 04 |

| | |
|---|---|
| Het standerds 3 of 4 geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat | 05 |
| Het standerds 5 of 6 geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat | 06 |
| Het standerd 6 geslaag en besit ook 'n onderwysersertifikaat of 'n ander sertifikaat | 07 |
| Het vorm twee (standerd 7 ) geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat | 08 |
| Het vorm drie (standerd 8) geslaag (dit sluit al die verskillende junior sertifikate in) of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat | 09 |
| Het standerd 8 geslaag en besit ook 'n onderwyser-sertifikaat of 'n ander sertifikaat | 10 |
| Het vorm vier (standerd 9) geslaag of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat | 11 |
| Het vorm vyf (standerd 10) geslaag (dit sluit al die verskillende matrieksertifikate in) of beskik oor 'n gelykwaardige sertifikaat | 12 |
| Het na standerd 10 verder studeer en 'n ander kwalifikasie as 'n universiteitsgraad behaal | 13 |
| Het 'n universiteitsgraad behaal | 14 |

6. Hoeveel volle jare was u op skool, kollege, universiteit of dergelike inrigtings?

| 1-2 | 3-4 | 5-6 | 7-8 | 9-10 | 11-12 | 13-14 | 15-16 | 17-18 | 19-20 | 21 en meer | geen |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 0 | X | Y |

(10)

7. Kan u lees en skrywe?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

(11)

8. Maak 'n kruisie in die hokkie teenoor die een vraag wat op die proefpersoon van toepassing is

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Is u nog nie getroud nie? | 1 |
| (b) | Is u getroud? | 2 |
| (c) | Was u getroud maar is nou geskei of verlaat? | 3 |
| (d) | Is u nog nie getroud nie maar woon saam met 'n man/vrou? | 4 |
| (e) | Is u 'n wewenaar/weduwee? | 5 |

(12)

9. Aan watter kerk behoort u?

| Nederduitse Gerefor-meerde Kerk | Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika | Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika | Anglikaanse Kerk | Congrega-tional Kerk |
|---|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |

| Metodiste-Kerk | Lutherse Kerk | Rooms-Kato-lieke Kerk | Apostoliese Geloofsen-dingkerk of Volle Evan-gelie Kerk of Aposto-liese Sektes | Ander Kerke | Geen | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | (13) |

10. Watter van die volgende tale kan u praat?
(Maak net een kruisie)

| | | |
|---|---|---|
| Net Afrikaans | 1 | |
| Net Engels | 2 | |
| Afrikaans en Engels | 3 | (14) |
| Afrikaans en/of Engels en 'n Bantoetaal | 4 | |
| Nie een van die bostaande tale nie | 5 | |

11. Wat is u huistaal?

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | 1 | |
| Engels | 2 | |
| 'n Bantoetaal | 3 | |
| Ander | 4 | (15) |

12. Woon u tans

| | |
|---|---|
| (a) in 'n gebied geproklameer vir Kleurlinge of 'n Kleurlingdorp (sendingstasies uitgesluit) | 1 |
| (b) op 'n sendingstasie | 2 |
| (c) op 'n Blanke se plaas | 3 |
| (d) in 'n Kleurlingwoonbuurt in 'n Blankedorpsgebied | 4 |
| (e) in 'n Kleurlingwoonbuurt in 'n Blankestadsgebied | 5 |
| (f) in 'n Blankedorpsgebied | 6 |

| | | |
|---|---|---|
| (g) | in 'n Blankestadsgebied | 7 |
| (h) | in 'n lokasie in 'n Blankedorpsgebied | 8 |
| (i) | in 'n lokasie in 'n Blankestadsgebied | 9 |
| (j) | op 'n plek nog nie genoem nie | 0 |

(16)

Spesifiseer

13. Nuttig u gewoonlik

| drie maaltye per dag | twee maaltye per dag | net een maaltyd per dag |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

(17)

14. Drink u alkoholiese drank? (Kafferbier word ook hier as 'n alkoholiese drank beskou.)

| Daagliks | Vier tot ses dae per week | Drie dae per week | Twee dae per week | Een maal per week |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

(18)

| Een maal per maand | Een maal in drie maande | Minder as een maal in drie maande | Glad nie |
|---|---|---|---|
| 6 | 7 | 8 | 9 |

15. Nuttig u eggenoot (-note) 'n drankie?

| Daag-liks | Twee maal per week | Een maal per week | Een maal per maand | Minder as een maal per maand | Nooit | N.v.t. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

(19)

16. Is u 'n geheelonthouer van alkoholiese drank?

| Ja, my hele lewe lank | Ja, maar was voorheen 'n ligte drinker | Ja, maar was voorheen 'n swaar drinker | Nee |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |

(20)

17. Waarom is u 'n geheelonthouer van alkoholiese drank?

______________________________

______________________________

______________________________ (21)

LET WEL: Persone wat by vraag 16 aangedui het dat hulle geheelonthouers is, hoef verder slegs vrae 31 tot 36 te beantwoord.

++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++++

LET WEL: Persone wat by vraag 14 afdeling 7 of 8 'n kruisie gemaak het, moet die afdeling „drink slegs een maal in drie maande of minder" by vrae 18 tot 23 merk.

(Hierdie vrae is met * aangedui)

*18. Wanneer neem u gewoonlik u drankies?

| Voor of met middagete | Na middagete maar voor aandete | Met of na aandete | Geen vasgestelde tyd | Drink slegs een maal in drie maande of minder |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

(22)

*19. By watter een van die onderstaande plekke drink u gewoonlik kafferbier?

| | |
|---|---|
| (a) By u eie huis | 1 |
| (b) By ander mense se huis | 2 |
| (c) In 'n biersaal (Bantoebiersaal) | 3 |
| (d) Drink slegs een maal in drie maande of minder kafferbier | 4 |
| (e) Drink nie kafferbier nie | 5 |

(23)

*20. By watter een van die onderstaande plekke drink u gewoonlik sterk drank, wyn of bier?

| | |
|---|---|
| (a) By u eie huis | 1 |
| (b) By ander mense se huis | 2 |
| (c) In 'n kroeg of hotel | 3 |
| (d) By u werkgewer se huis | 4 |
| (e) By 'n plek nog nie genoem nie | 5 |
| (f) Drink slegs een maal in drie maande of minder wyn, sterk drank of bier | 6 |
| (g) Drink nie hierdie dranksoorte nie | 7 |

(24)

*21. Drink u gewoonlik u drank

| | |
|---|---|
| (a) saam met u huisgenote | 1 |
| (b) saam met ander persone (huisgenote uitgesonder) | 2 |
| (c) saam met u huisgenote en ander persone | 3 |
| (d) alleen en sonder enige geselskap | 4 |
| (e) drink slegs een maal in 3 maande of minder | 5 |

(25)

*22. Watter dag van die week drink u gewoonlik die meeste?

| | |
|---|---|
| Sondag | 1 |
| Maandag | 2 |
| Dinsdag | 3 |
| Woensdag | 4 |
| Donderdag | 5 |
| Vrydag | 6 |
| Saterdag | 7 |
| Drink elke dag ewe veel | 8 |
| Op geen vasgestelde dag nie | 9 |
| Drink slegs een maal in drie maande of minder | 0 |

(26)

*23. Watter van die volgende dranksoorte het u gedurende die afgelope maand gedrink?

| | |
|---|---|
| Slegs wyn | 1 |
| Slegs bier | 2 |
| Slegs sterk drank, bv. brandewyn, jenewer, ens. | 3 |
| Wyn en bier | 4 |
| Wyn en sterk drank | 5 |
| Bier en sterk drank | 6 |
| Wyn, bier en sterk drank | 7 |
| Kafferbier en een of meer van bostaande dranksoorte | 8 |
| Slegs kafferbier | 9 |
| Drink slegs een maal in drie maande of minder | 0 |

(27)

24. Watter een van die volgende dranksoorte drink u mees dikwels?

| | |
|---|---|
| Wyn | 1 |
| Sterk drank,bv. brandewyn en jenewer | 2 |
| Bier, bv. Lager, Ale, Stout | 3 |
| Kafferbier | 4 |
| Ander Bantoedranksoorte (Kafferbier uitgesluit) | 5 |

(28)

25. Watter soort drank drink u gewoonlik die tweede meeste indien u meer as een soort drank gebruik? (Merk slegs een soort.)

| | |
|---|---|
| Wyn | 1 |
| Sterk drank,bv. brandewyn en jenewer | 2 |
| Bier, bv. Lager, Ale, Stout | 3 |
| Kafferbier | 4 |
| Ander Bantoedranksoorte (kafferbier uitgesluit) | 5 |
| Drink slegs een soort drank | 6 |

(29)

26. Hoeveel bestee u huishouding gemiddeld per week aan alkoholiese drank?

| Niks | 1c -49 | 50c -99 | R1.00 -1.49 | R1.50 - 2 | R3 -4 | R5 - 6 | R7 -8 | R9 -10 | R11 -12 | Indien meer as R12 dui die bedrag aan |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X |

(30)

27. Wat is die waarde van die alkoholiese drank wat u alleen gemiddeld per week verbruik?

| Niks | 1c -49 | 50c -99 | R1.00 -1.49 | R1.50 -2 | R3 -4 | R5 -6 | R7 -8 | R9 -10 | R11 -12 | Indien meer as R12 dui die bedrag aan |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X |

(31)

28. Hoeveel van die volgende dranksoorte het u die afgelope sewe dae gedrink?

| Wyn (Glase) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-11 | 12-16 | 17-21 | 22-26 | 27-31 | 32-36 | 37-41 | 42-46 | Indien meer as 46 vul die getal in |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y |

(32)

| Sterk drank (Sopies) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-11 | 12-16 | 17-21 | 22-26 | 27-31 | 32-36 | 37-41 | 42-46 | Indien meer as 46 vul die getal in |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y |

(33)

| Bier (Pinte) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-11 | 12-16 | 17-21 | 22-26 | 27-31 | 32-36 | 37-41 | 42-46 | Indien meer as 46 vul die getal in |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y |

(34)

1 bottel sterk drank = 21 sopies; 1 bottel wyn = 6 glase;
1 klein botteltjie bier = 1 pint; 1 groot bottel bier = 2 pinte

************************************
*ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK*
************************************

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal vir bo- staande drank- soorte | 0 | 1- 3 | 4- 6 | 7- 9 | 10- 12 | 13- 15 | 16- 18 | 19- 21 | 22- 24 | 25- 27 | 28- 30 | 31- 33 | |
| | 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | (35-36) |
| | 34- 36 | 37- 39 | 40- 42 | 43- 45 | 46- 48 | 49- 51 | 52- 54 | 55- 57 | 58- 60 | 61- 63 | 64- 66 | 67- 69 | |
| | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | (35-36) |
| | 70- 72 | 73- 75 | 76- 78 | 79- 81 | 82- 84 | 85- 87 | 88- 90 | 91- 93 | 94- 96 | 97- 99 | 100- 102 | 103- 105 | |
| | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | (35-36) |

29. Hoeveel Bantoedrank het u die afgelope sewe dae gedrink?

| Kaffer- bier (Klein skaal) (Twee pinte) | Niks | 1- 3 | 4- 6 | 7- 9 | 10- 12 | 13- 15 | 16- 18 | 19- 21 | 22- 24 | 25- 27 | 28- 30 | Indien meer as 30 vul die ge- tal in | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y | (37) |

| Ander Bantoe- drank- soorte (uit- gesonder kafferbier) (half pint) | Niks | 1- 3 | 4- 6 | 7- 9 | 10- 12 | 13- 15 | 16- 18 | 19- 21 | 22- 24 | 25- 27 | 28- 30 | Indien meer as 30 vul die getal in | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y | (38) |

```
*************************************
*                                   *
* ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK      *
*                                   *
*************************************
```

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal vir alle drank-soorte | 0 | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | 31-33 | |
| | 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | (39-40) |
| | 34-36 | 37-39 | 40-42 | 43-45 | 46-48 | 49-51 | 52-54 | 55-57 | 58-60 | 61-63 | 64-66 | 67-69 | |
| | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | (39-40) |
| | 70-72 | 73-75 | 76-78 | 79-81 | 82-84 | 85-87 | 88-90 | 91-93 | 94-96 | 97-99 | 100-102 | 103 of meer | |
| | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | (39-40) |

30. Wat is die vernaamste rede waarom u alkoholiese drank drink?
(Merk net een rede.)

(Moenie aanvanklik die moontlike redes aan die proefpersoon noem nie.)

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Omdat dit eetlus wek<br>Omdat dit kos is<br>Omdat dit sterk maak<br>Omdat dit gesond is<br>Omdat dit lekker smaak<br>Omdat dit u dors les<br>Omdat u moeg is | 1 |
| (b) | Omdat dit gebruiklik is by geleenthede soos bruilofte, verjaarsdae, Kersfees, ens.<br>Omdat u ouers drink<br>Omdat dit 'n gebruik of tradisie is | 2 |
| (c) | Om van bekommernis ontslae te raak<br>Om bly te word<br>Om vrolik te word<br>Om meer moed te kry<br>Om nie bang te wees nie<br>Om van minderwaardigheid ontslae te raak<br>Om te ontspan | 3 |
| (d) | Omdat daar geen ander afleiding is nie | 4 |
| (e) | Om gesellig saam met u vriende te wees of om lekker te gesels, om plesierig te wees | 5 |
| (f) | Vir 'n rede nog nie genoem nie<br>Spesifiseer ______________________<br>______________________ | 6 |

31. Hoeveel spandeer u, en indien getroud, u huishouding (loseerders uitgesluit) naastenby per week aan voedsel?

Let wel: Loseerders wat hierdie vraelys beantwoord moet eers hulle geskatte kamerhuur ens. van hulle losiesgelde aftrek.

| Niks | Minder as R1 | R1 -2 | R3 -4 | R5 -6 | R7 -9 | R10 -12 | R13 -15 | R16 -18 | R19 -21 | R22 -24 | R25 -27 | Indien meer as R27, vul die getal in |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 |

(42-43)

32. Hoeveel persone, uself ingesluit (loseerders uitgesluit), wat in u huis woon, het deel aan die voedselverbruik wat in die vorige vraag vermeld is?

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 en meer |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 0 |

(44)

33. Wat is op die oomblik u inkomste (kontant en goedere) per week? Indien u getroud is, gee die inkomste van u gesin as geheel.

| Geen | Minder as R1 | R1-2 | R3-4 | R5-6 | R7-8 | R9-10 | R11-15 | R16-20 | R21-25 | R26-30 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 |

(45-46)

| R31 -35 | R36 -40 | R41 -45 | R46 -50 | R51 -55 | R56 -60 | Indien meer as R60, vul die getal in |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |

(45-46)

34. Hoeveel persone moet uit die bogenoemde inkomste versorg word? (Dit wil sê u, u eggenoot (-note) en ander afhanklikes.)

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 en meer | N.v.t. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 0 | X |

(47)

35. Drank word vrygestel aan Kleurlinge. Dink u dit is goed?

| Ja | Nee | Weet nie |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

(48)

36. Gee die vernaamste rede vir u antwoord ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (49)

37. Het u 'n permit om drank te koop?

| Ja | Nee | N.v.t. |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

(50)

38. Ontvang u alkoholiese drank volgens die „dopstelsel"?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

(51)

39. Dui in pinte aan hoeveel drank u volgens die „dopstelsel" per week ontvang.

| Niks | 1-6 | 7-12 | 13-18 | 19-24 | 25-30 | 31-36 | 37-42 | 43-48 | 49-54 | 55-60 | 61-66 | 67-72 | 73-78 | 79 en meer |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |

(52-53)

40. Dui met 'n kruisie die gebied aan waarin hierdie vraelys voltooi is. (Slegs vir die gebruik van die veldwerkers.)

KAAPPROVINSIE

| Kaapstad | Bellville | Wynberg | Stellenbosch | Montagu | Caledon | Ceres |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 |

(54-55)

| Vanrhynsdorp | Oudtshoorn | Laingsburg | Knysna | Port Elizabeth | Graaff-Reinet |
|---|---|---|---|---|---|
| 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 |

(54-55)

| King William's Town | Cradock | Colesberg | Kimberley | Prieska | Mount Currie |
|---|---|---|---|---|---|
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |

(54-55)

TRANSVAAL

| Vereeniging | Klerksdorp | Benoni | Germiston | Johannesburg | Pretoria |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

(56)

ORANJE-VRYSTAAT

| Bloemfontein | Fauresmith | Kroonstad |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

(57)

NATAL

| Durban |
|---|
| 1 |

(58)

41. Woon die proefpersoon op/in

| 'n stad | 'n dorp | 'n plaas | 'n kleinhoewe |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |

(59)

42. Naam van gebied ______________________
(Indien van toepassing) ______________________

43. Nommer van opnemersdistrik ______________________

44. (a) Voltooi deur ______________________

(b) Gekontroleer ______________________

LITERATUURLYS


1. Venter, J.D. : Die drinkpatroon van die Blankes in Suid-Afrika, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks Nr. 17, 1964.

2. Miles, J.D. : Die drinkpatroon van die Bantoes in Suid-Afrika, Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks Nr. 18, 1964.

3. Venter, J.D. : Die drinkpatroon van die Kleurlinge in Kaapland en Natal, Nasionale Buro.vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Navorsingsreeks Nr. 19, 1965.

4. Cilliers, S.P. : The Coloureds of South Africa, Banier Uitgewers Bpk., Kaapstad, 1963.

5. Patterson, S. : Colour and Culture in South Africa, Routledge and Kegan Paul Limited, Londen, 1953.

6. Theron, E. en Swart, M.J. : Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, Stellenbosch en Grahamstad, 1964.

R G N BIBLIOTEEK | H S R C LIBRARY

ul Krugerstraat, Pretoria